

## ESRA

### DIE KONING VAN HEMEL EN AARDE LAAT SY VERBONDSVOLK

#### TERUGGROEP ESRA 1

In die laaste jare is daar geen lande in ons wêreld wat meer in die nuus is as dieselfde lande wat vir die lidmate van die Ou Testamentiese Kerk in die eeue rondom ons gelese teksgedeelte gedurig in die nuus was nie. Irak was die ou Assirië met sy bloeddorstige Nineve wat die noordelike ryk Israel verslaan en sy inwoners in ballingskap weggevoer het maar onder Sanherib dit nie kon regkry om Jerusalem in te neem nie want, soos die vrome koning Hiskia gesê het, ‘ by hom is menslike mag, by ons is die Here ons God wat ons sal help en ons oorlog sal veg’ 2Kron 32. Assirië is later vernietig deur die ou Babel wat ook in Irak is en wat onder Nebukadnesar Israel en Juda verower en vernietig het en onder andere Daniël as banneling weggevoer het. Iran was die ou Persië wat Babel verslaan het en onder koning Kores se geniale leiding die nuwe wêreldmag geword het. Hoe het deur al die lange eeue daar strome bloed gevloei in die Nabye Ooste en lyk dit nie asof daar ooit in hierdie bedeling ‘n einde aan sal kom nie. Die geskiedenis van veral Irak is in riviere van mensebloed geskryf en die wreedheid en verdrukking van die moderne tyd is maar net ‘n vervolg van die onbeskryflike bloedbelustheid van Nineve en Babel.

Israel en later Juda het daardie hemelskreiende bloedvergiëting aan die lyf ondervind. Hoe roerend skreeu byvoorbeeld Jeremia daaroor in sy Klaagliedere. Die HERE Here het Sy verbondsvolk weens hulle gedurige ontrou en vertrapping van die eise van die verbond met Sy regverdige verbondswraak gestraf. Eers deur die Assiriërs en daarna deur die Babiloniërs is die volk van die Here in ballingskap weggevoer en hoor ons die klaagpsalms soos Psalm 137 waar die sitters aan die treurwilgers van Babel opgehang is.

Maar omtrent ‘n eeu eerder het die HERE al deur Jeremia beloof dat na ‘n 70 jaar die volk sal terugkeer na Jerusalem en Jesaja het geprofeteer dat daar ‘n

koning Kores deur die Here beveel sou word om sy wêreldoorheersing te gebruik om die volk van die Here terug te stuur na Jerusalem. Nadat die 70 jaar wat die Here vir Babel se wêreldheerskappy gegun het, volgeraak het en daarmee die toorn van die Here oor Sy verbondsvolk uitgewoed het, laat die Here Sy beloftewoord in vervulling gaan. Die 70 jaar is nie te sien as 'n presiese getal van op die dag af 70 jaar nie maar as 'n ronde getal wat 'n gewone aanduiding van 'n onheilsperiode is. Esra en Nehemia het nou die heerlike profetiese opdrag om 'n heilstyd aan te kondig na die vervulling van die onheilsprofesieë. 'n Vreugdevoller opdrag as wat die meeste Ou Testamentiese profete gewoonlik ontvang het.

Die Here of soos koning Kores sê in sy amptelike proklamasie 'die HERE, die God van die hemel, het alle koninkryke van die aarde aan my gegee, en Hy het my beveel om vir Hom 'n tempel in Jerusalem in Juda te bou'. Wonderlike woorde. Waar woorde, al is dit hoegenaamd geen geloofsbelydenis nie maar 'n goeie diplomatieke uitspraak. Ons as gelowiges bely en glo dat die Here HERE ook Regeerder van alles is en die Onderhouer van alles wat Hy laat ontstaan het. Hy het die harte en wil van elke mens en so ook van alle magtiges en regeerders en opstandelinge in Sy mag, netsoos by die kinders van die HERE kan geen haar van die magtiges van die aarde op die grond val sonder die wil van die almagtige Drie-enige God nie. Dit was so, dit is so, dit sal so bly tot die laaste dag toe. Daardie seker wete gee ons troos en vertroue om ons Godgegewe roeping elke dag getrou uit te voer. Soms is dit bitter moeilik. Sonder om enige iets af te doen aan die onreg wat baie mense en baie van ons moet ly onder die owerheid wat God oor ons gestel het, is dit nie eers naby vergelykbaar met die lyding van God se kinders in Palestina, Irak, Iran, Soedan, groot dele van die DRK en Zimbabwe en soveel meer dele van Donker Afrika om net 'n paar lande te noem. Ons weet uit die Heilige Skrif en uit geskrifte van gelowiges deur die eeue en uit ons eie ondervinding dat die hemel nog nooit op aarde was nie en

ons bely op grond van dieselfde Skrif dat dit nooit sal kom deur die werk van mense nie. Maar die God wat die Jongste Dag sal laat aanbreek wys ons in die Bybel dat Hy alles heenwerk na die laaste Dag toe. Op Sy Goddelike manier en op Sy Goddelike tyd. Hy laat die tyd vervul raak. Ons praat oor die vervulling van die tyd by die koms van Jesus Christus in die vlees maar dit gebeur keer op keer wanneer God Sy raadsplan tot vervulling laat kom. So was dit ook met die roeping van Kores. God het met Kores 'n radikale verandering in die optrede van die heersers van die wêreld laat kom. Assirië en Babel was onbeskryflik wrede verdrukkers wat as hoogste ideaal ongebreidelde bloedvergieting gehad het, volke wat deur hulle onderwerp was se bloed is tot onder hulle naels uitgeforsier en hulle is leeggesuig van alles wat hulle besit het. Daar was nie eers sprake van buig OF bars nie, dit was altyd buig EN betaal en as jy leeggesuig is dan bars jy in elk geval. Die godsdienste van die verslane volke is of verbied of minstens ondergeskik gestel aan die oorwinnaar se gode se verering en in ieder geval verkleineer soos die Assiriër Sanherib gedoen het voor die mure van Jerusalem in die dae van koning Hiskia – waarvoor hy in elk geval moes boet toe hy in die tempel van sy eie afgod deur sy eie seun vermoor is.

Die Here het nou egter in die hart van Kores 'n totaal ander gesindheid bewerk. Hy was in 'n groot mate 'n voorstander van 'afsonderlike of eiesoortige ontwikkeling'. Hy het die bestaande burgerlike gemeenskapsstelsel en die godsdienstige stelsels van elke volk net so laat bestaan. Die persoon van die volk se heerser het verander, dit was nou Kores self maar verder het elke volk se eie unieke stelsels gehandhaaf gebly. Vir die Babiloniërs wou Kores byvoorbeeld 'n Babiloniër wees en daarom het hy onmiddellik na die verowering van Babel deelgeneem aan die nuwejaarsfees ter ere van Babel se god Mardoek en hom as oppergod vereer. Teenoor die Jode doen hy dieselfde deur die HERE Here te beskryf as die 'God van die hemel' wat 'al die koninkryke van die aarde aan hom gegee het'. Om God so

te noem was die gewone benaming wanneer Jode en Perse oor Jahwe gepraat het. Elkeen het dan voorkom om die ander se God te beledig want die Perse het ook 'n hemelgod aanbid.

Vir die verslane volke lyk dit asof alles nog maar is soos wat dit was onder hulle eie heersers, al wat verander was dat die Perse die baas is en die Persiese koning nou die belasting moet ontvang en in ruil daarvoor is daar meer sekuriteit. Tenminste solank as die een koning regeer want as hy sterf is daar gewoonlik maar onrus en opstand en gevegte oor die opvolgingskwessies. Na Kores se dood het sy seun byvoorbeeld vir 8 stormagtige en bloedige jare geregeer om opgevolg te word deur die bekende koning Darius wat volgens sy eie getuienis somer 29 veldslae moes voer met die gevangening van 9 konings voordat daar stabiliteit in sy wêreldryk teruggekeer het.

Die Here het dus in vervulling van Sy Woord aan Sy profete, Kores laat besluit dat die Jode terug kan keer na Jerusalem om daar die tempel van die HERE te herbou. Vir Kores was dit egter ook 'n diplomatieke skuif. Ons is so maklik geneig om net allerlei sensasionele 'wonders' as werklike wonders te wil sien. Daardie mense wat die gawe ontvang het om met 'n gloedvolle redenaarstalent of verhoogoptrede of massa-opswepingsvermoë mense in die ban van hulle charisma te kry het dit ook reggekry om die wonders wat die Here gee te verarm en te beperk tot oëverblindende sensasionele toertjies. Die HERE Here werk nie soos 'n goëlaar wat met toorkunste allerlei oëverblindende sogenaamde wonders voor ons oë optower nie. In die algemeen werk Hy met behulp of gebruik van middels wat Hy geskape het of deur die mens wat na Sy beeld geskape is laat ontdek of ontwikkel het. So is, om net een saak te noem, elke genesing van elke kind van die Here wat biddend vir die seën van die Here oor medisyne en doktersbehandeling vra en dan gesondheid mag ontvang, 'n wonder wat die Here gee. Maar verder is dit ook 'n wonder as die Here nie gesondheid gee nie maar die genade om die

beproeving van daardie siekte te dra met gelowige geduld en dankbaarheid en is dit ook 'n Godswonder dat daardie kind van Christus vol kinderlike bereidheid die siekte aanvaar as die middel wat die Here gee om deur die poort van die dood die ewige lewe in te gaan tot eer en verheerliking van die driemaal heilige Naam van ons troue Verbondsgod.

So was dit 'n wonder van Goddelike genade en ingrype dat Hy vir koning Kores die gesindheid gegee het om die verslane volke opdrag te gee om die tempels te herbou. Sy eie belang vir hierdie ekumeniese gedrag was die hoop dat al die bekende en onbekende gode saam sterk genoeg en dankbaar genoeg kon wees om hom 'n voorspoedige en aangename lewe te gee. Daarby het ten opsigte van die Jode ook nog gekom dat Palestina die grens van sy ryk met die vyand Egipte was. Hy het reeds sy seun opdrag gegee om reg te maak vir 'n veldtog teen Egipte en dan sou dit strategies goed van pas wees dat die Jode in Jerusalem en daar rondom uit dankbaarheid vir die terugkeer en die herstel van die tempel en die erediens nou lojaal sou wees aan Persië in daardie bufferstrook. Ons lees dan ook niks van 'n opdrag of selfs toelating tot heropbou van die VOLK Juda of selfs Israel nie, slegs opdrag om die tempel te herbou, slegs beperkte selfbeskikking vir sosiale en godsdienstige sake. Dit doen egter aan die wonderkarakter van Kores se bevel niks af nie.

Ons lees uitdruklik dat Kores bevel gee dat ALLE Jode na Jerusalem kan terugkeer maar ons lees dat slegs die stamme Juda en Benjamin wat die koninkryk Judea gevorm het, aan die oproep gehoor gee. Van 'n terugkeer van die ander 10 stamme weet ons niks nie en enige bewerings daarvoor is slegs fantasie wat uit 'n duim gesuig is. Die Brits-Israel beweging wat die laaste dekades 'n nuwe populariteit beleef met tipies Amerikaanse hoëdrukverkoopstegnieke en selfs in ons eie land ook gepropageer word, deur, van alle mense !!, vërregse politiebette mense wat juis veronderstel is om in die lig van die misdadige Engelse oorloë anti-Engels te wees .... Ook 'n wonder .. maar die duiwel is nog altyd die aap van God.

Alle Jode mag teruggaan maar daar is 'n voorwaarde aan verbind, hulle moet help met die bouwerk aan die tempel. Vir Kores is dit lewens-belangrik dat soveel as moontlik ballinge terugkeer sodat die God wat daar woon nie kwaad vir hom sal word nie, daarom beveel hy dat die bewoners van die omgewing waar die bannelinge woon ruimskoots silwer, goud, gebruiksgoed, vee en wygeskenke vir die tempel vir die bannelinge moet gee. Netsoos eeue gelede met die uittog uit Egipte moet die bewoners by hierdie tweede uittog ook geskenke saamgee.

Opvallend is egter dat daar nou nie juis 'n algemene opgewonde of brandende begeerte is om terug te gaan na die land van die vaders, die deur God Beloofde land nie. Slegs twee van die twaalf stamme se mense gaan, al wil dit nie sê dat daar geen enkelinge uit die ander stamme by was nie. Per slot van rekening was daar seker deur ondertrouery in die twee stamme die ander tien ook wel verteenwoordig.

Die familiehoofde neem die leiding, hulle is die vernames uit elke geslag, die sjeiks. Ook die priesters en Leviete word genoem wat natuurlik noodsaaklik is want anders kan die tempelrediens nie weer herstel word nie. Later sal ons egter sien dat daar maar bitter min Leviete was wat bereid was om terug te gaan. Tog was daar nie juis grootskaalse entoesiasme vir die terugkeer nie. Ons lees dan ook uitdruklik dat alleen hulle gegaan het wie se gees deur God beweeg is, in wie God die voorneme gelê het om te gaan. Die opdrag deur koning Kores was nie 'n bevel nie. Eintlik ook logies want hoe sou hy ooit kon dink dat van die treurende Jode wat hulle siters aan die treurwilgers opgehang het, en troosteloos was, nou puntjie by paaltjie kom, slegs 'n minderheid bereid is om terug te gaan. By die gedagte aan die maandelange trek wat voorlê en die harde werk in die vernietigde Jerusalem en die vyandigheid van die mense wat nou daar woon is balans opgemaak van die lewensomstandighede as ballinge.

Hier in die vreemde land was hulle eintlik nie meer so vreemd nie en het die HERE, die troue Verbondsgod, geprys sy Sy Naam, hulle ryklik geseën en tog ook tot seën laat wees, en hulle het darem pragtige huise en gesonde besighede en vrugbare kuddes en vrouens eintlik ook wat die geslag van Abraham soos die korrels van die seesand vermeerder en so die Here help om Sy Woord, geprys sy Sy Naam, te vervul. Hulle het 'n roeping in die nie-meer-so-vreemde-land en woon in elk geval in hegte Joodse gemeenskappe waardeur die godsdiens en gewoontes en sedes en taal van die heilige voorvaders bewaar sal word. En so kan ons 'n indruk vorm van al die argumente om agter te bly. Natuurlik was daar ook gelowiges onder hulle maar onder andere by Esegïël 33 : 24 ev lees ons dinge wat die agtergeblewenes nie bepaald gunstig teken nie. Ons weet ook van nie eers een poging om die tempel te herbou nie.

Deur die eeue hoor ons van die Joodse nedersettings en gemeenskappe wat geblom het deur handel en die bankwese. Inderdaad is daar tot vandag toe sterk Joodse gemeenskappe in Irak en Iran en was daar, in elk geval tot 'n paar jaar gelede, van hulle verteenwoordigers in die parlemente van dié lande.

Nou is dit vir ons vandag baie maklik om die so vooruitstrewende agtergeblewendes vanuit ons gemaksones te kritiseer in 'n land waarin ons op godsdienstige, opvoedkundige, sosiale, maatskaplike en ander terreine al hoe meer vreemdelinge word maar nou nie juis duidelik die Skriftuurlike vreemdelingskap in 'n wêreldse wêreld wil dra nie, ek praat nie eers van beleef nie. Dis alles aanpas en verander aan die meerderheidssmaak wat die klok slaan want anders het ONS kerk en geloof en godsdiens geen blink toekoms nie. Beginselvaste standpunt stelling is uit die bouse, daar is nie meer so iets soos net wit of net swart nie, dis verfoeilike apartheids-ideologie, alles is 'n gelykmatige grys en soms 'n floue afskynsel van 'n reënboog. En ondertussen gaan almal mal oor kompromisse, oor (eensydige) 'versoening'

met mense wat, om by die godsdienstige terrein te bly, die bloeddorstige ‘teologie’ van die rewolusie aanhang – al noem party dit vandag liewers nie meer teologie van die ‘rewolusie’ nie maar ‘teologie van die bevryding’ – so’n doopritueel verander niks aan die ketterse onskriftuurlike leer nie. Hoe populêr is dit om bespotlike karikature van calvinistiese kerke te maak, om vroeëre voorgangers te onteer en hulle idees te verguis in die lig van wat deur mense wat hulleself so graag as ‘verlig’ beskou as grondliggend vir vandag verkondig word. Onder die vaandel van ‘aktiviste’ vir dit-en-dat met ‘n beroep op ‘n deeltjie van die grondwet wat van pas gevoel word, word eise uitgeskreeu en uitgedans. Die grens tussen gelowige beywering vir optrede deur die owerheid, of in die kerk van Christus of op sosiaal-maatskaplike terrein ensovoorts word deur die Skrif gestel ook in die kwessie van die kultuuropdrag en die vreemdelingskap. Ons bely daaroor ook in Nederlandse Geloofsbelydenis art. 36 dat ‘ons die owerhede eer en eerbied moet betoon en gehoorsaam moet wees in alles wat nie stry met die Woord van God nie. Ons moet vir die owerhede voorbidding doen, sodat die Here hulle mag bestuur in al hulle weë en ons ‘n rustige en stil lewe kan lei in alle Godsvrug en waardigheid. Wat dit betref verwerp ons die Wederdopers en ander oproerige mense ; en in die algemeen almal wat die owerhede en regeerders verwerp en die regterlike mag omver wil stoot, wat die gemeenskap van goedere invoer en die eerbaarheid wat God onder die mense vasgestel het, in verwarring bring.’ Ondertussen moet ons geen illusies hê dat dit nie met ons sal gaan soos in die volgende artikel van die NGB bely word dat’ hulle saak, (wat) teenswoordig deur baie regters en owerhede as kettters en goddeloos veroordeel word...’ Met ‘n grondwet wat die ‘regte’ van die mens bo die regte van God stel, met regters wat daardie mensewerk as allerhoogste gesag erken en dikwels ook nie christene is nie kan ons weer daardie woorde van Guido de Brès waarheid sien word.



Natuurlik kan en mag ons selfs kritiek hê op hulle wat weens baie redes nie teruggekeer het nie maar daardie kritiek moet gematig word deur onself te beproef. In die kerklike lewe vanaf die altaar wat Abel in Irak gebou het tot vandag toe is daar baie minder wat aktief gehoorsaam volgens die Woord leef as omgekeerd.

Die eerste hoofstuk van Esra skets ons iets van die wêreldgekiedenis in die tyd van koning Kores en uit buite-Bybelse bronne weet ons ook heelwat daarvan. Die terugkeer van die Jode uit die ballingskap ken ons net uit die Bybel. Dit lyk geskiedkundig gesien nie 'n belangrike saak nie maar heilshistories gesien, dus as deel van God se werk na Betlehem en Golgota en die Laaste Dag toe, was dit uiters belangrik. Dit was DIE allerbelangrikste en grootste gebeurtenis in die tyd van Kores. Die volk van die HERE moes in sy oorblyfsel herstel word, dit het nog 'n taak, die heerlike tempeldiens moet herstel word want Christus het nog nie gekom nie, elke dag moes die soenoffers gebring word. Die wêreldgebeure van daardie tyd met die terugkeer na die Beloofde Land is beheers deur die koms van Christus. Dit is dan ook nie Kores nie maar die HERE Here wat deur die werk van Kores die terugkeer moontlik maak en regstreeks in die harte van die gelowiges die lus en wil en moontlikheid vir die terugkeer gee.

### DIE BELANG VAN ORDE OM 'N HEILIGE VOLK VAN GOD TE WEES ESRA 2

Om geslagsregisters van ander mense te lees is nou nie juis iets wat vir baie 'n stokperdjie is nie. Dit is maar droog en oervervelig. Tog is dit in ons tyd baie populêr om geslagsregisters van jou eie familie op te stel en is daar selfs rekenaarprogramma's om daarmee te help.

Vir die bannelinge wat gevolg gegee het aan werk van die Heilige Gees in hulle harte en die oproep om terug te keer as 'n gebedsverhoring beleef het,

was die nagaan van die geslagslyste van die uiterste belang. In hierdie lyste het die Israeliet in die vier eeue voor die koms van Christus sy adelbrief gesien ( van Selms). In daardie lig is daar raakvlakke met die lidmaatregisters van die kerk vandag. Die Nuwe Testament begin ook met 'n stamboom maar dan baie belangriker want dit is die stamboom van Christus-na-die-vlees.

Die Bybel is 'n boek met geweldig verskillende 'genres', ons kry psalms wat elke gevoel van die gelowige dek, spreuke wat lewens- en sterwenswysheid gee, profesieë wat troos en omkrap, geskiedkundige dele wat aangryp en ons sien hoe die Here die Regeerder is en alles heenstuur na die volheid van die tyd wanneer die Here Jesus kom, klaagliedere en gejubel en dan die Nuwe Testament met die koms en lyde en sterwe van ons Here Jesus Christus en Sy werk deur Sy apostels wat bou op die fondament wat deur Christus deur die eeue gelê is. En dan kry ons in die Bybel ook droë argiefstukke soos veral in Esra en Nehemia. Dit bewys in elk geval dat die Bybel nie lewens- en wêreldvreemd is nie. In Esra 1 lees ons dat koning Kores al die tempelgereedskap wat Nebukadnesar as buit na sy afgodstempel in Babel laat neem het, teruggee vir die Jode om in die tempel in Jerusalem weer te gebruik. Die sekretaris van die tesourie het 'n lys daarvan gemaak wat deur Sesbassar as hoof van die stam van Juda blykbaar as 'n kwitansie geteken is. Die Assiriërs en Babiloniërs het al geweldige argiewe van al hulle besluite en kronieke aangelê en die Perse het hierdie wonderlike tradisies voortgesit en ook deur 'n uitstekende koeriersdiens hulle magdom staatsamptenare oor die lengte en breedte van die ryk skriftelik besluite en opdragte laat kry. Ons het voorbeelde daarvan veral ook in die boeke Ester en Daniël. Natuurlik is die amptelike taal en die geslagsregisters nou nie juis ontspanningsleesstof nie. Per slot van rekening is 'n bestuurslisensie of diploma ook nie juis in digterlike taal opgestel nie. In die boek Esra kry ons dikwels die amptelike styl waarin Persiese aktes opgestel is en so word selfs in die Bybel die

argiewe van die Perse oopgemaak sonder dat geweldige duur opgrawings nodig is. Heel waarskynlik was aan die Persiese hof ‘n departement vir ‘afsonderlike ontwikkeling sake’ waarin elke volk of landstreek sy eie skrywers gehad het en so was daar ‘n afdeling vir joodse aangeleenthede waarin aan die opdragte vir Jerusalem ‘n joodse klank gegee is. Sommige van die dokumente in Esra is dan ook in Hebreeus vertaal maar die meeste is in Aramees geskryf. Dit was al ‘n twee eeue lank die diplomatieke taal wat in die hele wêreldryk gebruik is. Onder die Jode is die Hebreeus stadig maar seker deur die Aramees verdring sodat in die Nuwe Testamentiese tyd Aramees gepraat is. “n Paar woorde wat in ons Bybels onvertaal gelaat is, soos Rabboenie en effata en maranata is Aramese woorde. In hoofstuk 2 is die oorspronklike lys van teruggekeerdes heelwaarskynlik wel in die Hebreeus geskryf.

Dit wil voorkom asof Sesbassar vooruit gereis het na Jerusalem met die tempelskatte en ander goed wat koning Kores laat terugstuur het. Sesbassar was waarskynlik ‘n nakomeling van Dawid en voorsitter van die raad van 150 familiehoofde en oudstes volgens Nehemia 5:17 en word later in Jerusalem die stadhouer.

Die leier van die ‘Groot Trek’ is Serubbabel, hy het ‘n Babiloniese naam en soos ons van Daniël en sy vriende weet was dit heel gebruiklik, hy was ‘n nakomeling van koning Dawid 1Kron 3:19. Die hoëpriester Jésua word as tweede genoem, hierdie naam is later vergrieks na Jesus. Altesaam word twaalf leiers genoem wat as simboliese betekenis het dat in hulle die twaalf stamme, die ware Israel, terugkeer na die Beloofde Land, die vaderland. Hierdie nuwe Israel was die wettige voortsetting van die ou Verbondsvolk.

Opvallend is dat vier priestergeslagte met 4289 man terugkeer maar net een van drie Levietegeslagte en dan slegs 74 man – die rede word nie genoem nie en daarom word daarvoor nog altyd heerlik gespekuleer.

‘n Boek soos Esra gee baie geleentehede vir gelowiges om allerlei stigtelike uitsprake te doen en lyne deur te trek na byvoorbeeld vandag toe. So wys die Franse skrywer Rossier daarop dat die sangers, die seuns van Asaf, meer was as die Leviete wat terug gegaan het. En dan vervolg hy: “Om die lofsange van God te sing is een van die heerlikste dienste in die gemeente. Maar sien ons nie dikwels in die samekomste van die heiliges hoe die rol van die ‘seuns van Asaf’ oorfloedig vervul word met die bedoeling om hulle te onttrek aan ‘n moeiliker diens, wat meer verantwoordelikheid verg?’

In die erediens moet alles draai om die Woordverkondiging, daarom staan in die gereformeerde kerkgeboue die preekstoel sentraal.

Die geslagslyste van die teruggekeerdes kry ons hier by Esra maar ook weer by Nehemia wat benadruk dat dit van die grootste belang beskou is om by die herbou van die volk goed op te let dat die wat wil terugkeer kon bewys dat hulle deel was van die Israel van voor die ballingskap, die ware diens van die HERE moes ten alle koste suiwer gehou word.

Daarom ook die aandrang dat bewys gelewer moes word dat hulle by Israel behoort het en in die ander geval dat bewys oorgelê kon word dat families wat gesê het dat hulle priester geslagte was dit inderdaad was. In die eerste geval het dit drie families met 652 mense geraak. Hulle getal is genoem en dus moes hulle wel beperkte regte ontvang het totdat daar duidelikheid sou kom. Wat van die saak geword het weet ons nie.

Die saak van die aandrang op priesterregte deur drie priesterfamilies was belangriker. Die registers van die priester geslagte is blykbaar goed bewaar en op datum gehou. Iets heel besonders as mens dink aan die onwaardse chaos en vernietiging en ontwrigting wat oorlog bring. As banneling kan jy tog net saamneem wat jy kan dra en dus net die lewensnoodsaaklikste en tog is omtrent al die familieregisters en registers van die priester geslagte behou. Alweer ‘n wonder!! Drie van die geslagte wat beweer het dat hulle priester geslagte was, kon egter nie in die registers opgespoor word nie.

Daarom was hulle, soos dit daar letterlik staan, godsdienstig onrein verklaar en dus onbevoeg verklaar vir die priesteramp – in die Nuwe Vertaling staan dat hulle uit die priesteramp onthef is maar dit is mos nie moontlik as hulle in elk geval nooit as priesters erken was nie. Omdat daar geen duidelikheid deur mense oor die aansprake gegee kon word nie het die goewerneur besluit dat hulle nie die priesterregte mag uitvoer totdat God deur die gebruik van die Urim en Tummim uitsluitel sou gee.

\*\*\*\*\*

### GEDAGTES OOR DIE URIM EN TUMMIM.

Tot vandag toe weet ons nie met sekerheid wat die Urim en Tummim was nie. Ek het grootgeword met die gedagte dat dit twee ‘dobbels’ stene sou wees wat in die hoëpriester se borssak gehou is. ‘n Idee wat deur verskillende verklaarders nog gehandhaaf word ( o.a. Luckey in Byb. Enc.). Verskillende rabbi’s het egter deur die eeue al beswaar daarteen gemaak en die ou kerkvader Hieronymus het ook gesê dat die borslap van die hoëpriester nie ‘n borssak was nie maar ‘n lap wat dubbeldgevou was sodat dit heeleenvoudig nie so maklik sou skeur nie (‘ duplex, ne facilliter rumpatur’). In aansluiting by verskillende Bybelverklaarders ( van Thiersch oor prof. W.H. Gispen na C. Vonk wie ek grootliks verder volg) lyk dit dus asof dit geen ‘borstas’ was waarIN dus iets gehou kon word nie maar dat dit die borslap of borsskild met die twaalf stene met die name van die twaalf stamme was. Ons lees oor die opdrag aan Moses om dit te maak in Eksodus 28 : 15 – 30. Baie opvallend is dan verse 29 en 30 :

‘So moet Aäron dan die name van die kinders van Israel deur die borslap van beslissing op sy hart dra as hy in die heiligdom ingaan, om hulle in gedagtenis te bring voor die aangesig van die HERE gedurigdeur.

30a Jy moet ook op die borslap van beslissing die Urim en die Tummim sit (bevestig), dat hulle op die hart van Aäron kan wees as hy voor die aangesig van die HERE ingaan.

30b So moet Aäron dan die beslissing ( regspraak, regspraak = misjpaat ) van die kinders van Israel gedurigdeur op sy hart dra voor die aangesig van die HERE.’

Drie keer word gesê ‘voor die aangesig van die HERE’. Dit is asof na ‘n klimaks gegaan word. Blykbaar is ‘die twaalf stene met Israel se name’ en die ‘urim en die tummim’ en die ‘regspraak’ van die Israeliete dieselfde. Daar is geen gelykheid nie maar gelykenis, dit is sakramentele spraakgebruik. Soos byvoorbeeld in die heilige nagmaal tussen die brood en wyn aan die een kant en die liggaam en bloed van ons Here aan die ander kant geen gelykheid is nie maar gelykenis. Daarby kom ook nog dat soos ons doop en nagmaal vir ons veral pande is, waarborge deur God waardeur ons des te sterker en sekerder kan glo dat Hy met ons Sy verbond gesluit het. Netso het God verseker deur die 12 stene met die name van die stamme op die borslap, dat Hy die regspraak van/vir Sy volk sal stry.

Selfs die betekenis van die woorde is nie heeltemal duidelik nie. Urim beteken iets soos ‘lig’ en Tummim iets soos regverdig, eenvoudig opreg, volmaak. Dan sou die Hoëpriester voor die aangesig van God kom, en God sou lig gee( urim) maar Sy volk in die verteenwoordiger van die hoëpriester moet opreg voor Sy aangesig leef (tummim).

In gewone maar belangrike daaglikse sake soos oor grondverdeling is die wil van die HERE gevra deur die lot (o.a.Spr 16:33 ; 18:18). In belangrike sake is voor die hoëpriester en die ark of die efod geloot. Blykbaar net en alleen in sake van absolute landsbelang en wanneer dit gaan oor ‘n pleitsaak vir die hele volk by die HERE het die hoëpriester in sy volledige ampsdrag dus met die twaalf stene = Urim en Tummim op sy hart die wil van die HERE amptelik gesoek. Hoe ? Ek weet nie. Waarmee is in ander gevalle geloot? Ek weet nie. Ek weet dus nie waarmee nie maar wel waar : voor die hoëpriester in volle ampsklere. Verder dink ek ook aan koning Hiskia wat die brief van die Assiriese vloeker voor die aangesig van die HERE in die tempel ooprol,

sodat die HERE die godslasteringe kan lees. Hy het 'n antwoord van die HERE verwag netsoos die hoëpriester dit sou doen. In daardie tyd was die openbaring nog nie afgesluit nie en tot by die geboorteaankondiging van die Here Jesus het God op verskillende wyses Sy wil en werk geopenbaar. Watter wonder dat ons die wil van God duidelik in Sy Woord ontvang het en daarin alles besit wat nodig is om Godsalig te leef en te ontslaap. .....

Die families wat gesê het dat hulle ook deel van die priestergeslagte was, moes dus wag totdat 'n (hoë)priester uitsluitsel sou gee met die Urim en die Tummim. Of dit gebeur het en wanneer dit wel sou gebeur het weet ons nie. Het die borslap nog bestaan na die oorlogschao en die ballingskap? Is daar anders 'n nuwe borslap volgens die spesifieke aanduidings van Eksodus 28 gemaak? Volgens die joodse tradisie was daar na die ballingskap nooit weer die Urim en Tummim nie. Daar is egter wel later sprake van 'n priester wat uit die genoemde familie Kos ( Hakkos) gekom het, die priester Meremot 8:33 en 1Kron 24:10.

Die hele gemeente het 42 360 mense getel plus nog 7337 slawe en slavinne. As mens dan dink dat in die oudheid daar vir elke vry man drie slawe ter beskikking was dan wys dit ons dat die hele gemeente van die wat deur die werk van die Heilige Gees teruggaan se geldelike vermoëns vër onder die gemiddelde was, dit was maar 'n trop armoedsaaiers. Daar was darem ook nog 200 sangers en sangeresse wat deel was van die groter groep slawe en met hulle musiek en spel die reisigers kon vermaak – dit is so'n terloopse mededeling wat soos speserye in die Bybel is en ons daarop wys dat die Bybel so lewens-werklik is. As ons dan lees hoeveel rydiere en vragdiere daar was dan besef ons dat daar maar bitter min rykes onder die jode was. Daarom is dit soveel meer 'n wonder dat die arm teruggekeerde bannelinge vrywillig en na vermoë 'n skat aan goud, silwer en priesterklere vir die boufonds gegee het.

Met die einde van die Groot Trek het die bannelinge soveel moontlik teruggetrek na die plekke waar hulle oorspronklik vandaan gekom het. Die meeste na die platteland want in die verwoeste Jerusalem was daar sekerlik nie baie blyplek en ook geen werkgeleentheid nie. Dit is opvallend dat verskillende Bybelverklaarders sê dat die verwoesting nie so erg sou gewees het soos wat ons gewoonlik dink nie. As 'n mens egter die roerende Klaagliedere van Jeremia lees, dink aan die ongebreidelde wraaksug en vernielsug nadat die plundersug uitgewoed het en die berugte wreedheid van die Babiloniërs, dan dink ek dat die filmbeelde van die puinhoop van Stalingrad en die Duitse stede na die val van die duiwelse Derde Ryk 'n goeie beeld skets van Jerusalem en die ander Judese dorpe met die wegvoering in ballingskap. Omdat tempels van die vroegste tye af ook altyd as wapenopslagplekke en magtige verdedigingsbolwerke gedien het, is dit geen wonder dat tempels juis tot die laaste klip toe gesloop is.

Netsomin soos wat die verwoesting onderskat moet word geld dit vir die vyandigheid van die bevolking van Jerusalem en die hele platteland. Nie al die inwoners van Israel en later Juda is in ballingskap weggevoer nie. Wat Juda betref het daardie mense nou ook nie juis 'n brandende begeerte gehad om die godsdiens suiwer te hou of selfs om die altaar te herbou om nie van selfs 'n poging tot herbou van die tempel te praat nie. Hulle het met ander 'inkommers' gemeng netsoos met Samaritane, later sal Esra breër daarby stilstaan. Hierdie mense het ook nie op hulle laat wag om die beste en vrugbaarste stukke grond van die bannelinge op te raap en te bewerk nie. Nou bevoordeel koning Kores plotseling hierdie bannelinge en eis daardie vreemdelinge hulle grond en huise weer op. Eeue en eeue later, na die bloed en trane, konsentrasiekamp- en gaskamerjare het vanaf 1945 dieselfde gebeur met die eksodus van Jode vanoor die hele wêreld en die stigting van die staat Israel in 1948 toe miljoene Palestyne uit hulle stede, dorpe en huise gedwing is deur Jode wat gesê het dat dit hulle land is... Tot vandag toe brandende



vyandskap en blinde haat by fanatici aan altwee kante. Onpeilbare ellende as gevolg van ‘grondhervormings’ op ‘n skaal waarvan ons ons bitter moeilik ‘n voorstelling van kan maak. Anti-Semitisme is ‘n vloek wat al die eeue deur die Jode geteister het. In die afgelope eeu was die vervolging van Jode op ‘n enorme skaal wat aangehelp is deur moderne tegniek. Die ergste uitbarstings daarvan was onder die Nazi’s en onder Stalin met geweldige volksverhuisings ook van nie-Jode. In Esra en Nehemia sien ons dat die Jode hulle afsonderlik wil ontwikkel en streng apartheid teenoor die bestaande inwoners van die ou vaderland handhaaf. Dit was absoluut nodig op daardie tyd om so ook godsdienstig rein te kan wees. Dit was absoluut nodig om so die pad vir die koms van Christus oop te hou. Maar selfs na die koms van Christus en na die verstrooiing van die Jode deur die Romeine na die jaar 70 n.Chr. en daarna dwars deur alle eeue tot vandag toe vorm Jode wêreldwyd hegte aparte gemeenskappe en al verwerp baie Jode hulle voorvaderlike geloof en is hulle die sterkste verkondigers van ‘n liberale humanisme sonder godsdiens is hulle vuurvreters vir Joodse apartheid. Die behandeling in ons tyd deur die Jode in Israel van die Palestynse bewoners was en is in baie gevalle ‘n skandalige bespotting van hulle humanistiese teoretiese standpunte. Dié van ons wat al regstreeks met baie Jode te doen gekry het, deur byvoorbeeld onder hulle te werk, weet dat dit nie moeilik is om baie dikwels nie van hulle te hou nie. In die wêreld van ‘besigheid is besigheid’ is daar van redelike vergoeding en werksure en werksomstandighede juis geen plek vir humanitêre praktyke nie. Al beweeg baie Jode hulle behalwe op die gebied van ekonomie juis in die sielkunde en psigiatrie weet hulle nie juis veel van die kuns om mense te beïnvloed en vriende te maak nie. ( Juis die Jode se geweldig groot invloed op die gebied van sielkunde en psigiatrie – dink maar aan Freud om net een te noem- maak daardie gebiede vir die gelowige so uiters gevaarlike gebiede. Ongelukkig oorheers hulle met hulle ongeloof of anti-christelike geloof die sielkunde. Daarom is dit absoluut noodsaaklik om

wanneer nodig altyd te sorg dat die sielkundige ‘n uitgesproke christengelowige is.) Om egter nie van Jode te hou nie omdat daar geweldige ‘kulturele‘ en veral mentaliteits- en moraliteitsverskille is ( om nie eers te praat van hulle heel unieke humor), is egter hoegenaamd nie dieselfde as anti-semitisme nie. Om nie van iemand te hou nie beteken nie dat jy daardie mens benadeel, vervolg, verontreg, uitsuig en op die ou end vermoor nie. Al het die Jode die vermoë om dikwels as onaangenaam deur ander ervaar te word moet ons hulle christelik en dus ook beskaaf behandel.

‘n Kernverskil tussen die tyd van die terugkeer uit ballingskap en die hele tyd van die ou bedeling was dat (in die algemeen want heidene kon proseliete word) ‘n persoon op grond van sy bloedverwantskap lid van die volk van God was. Israel het in daardie tyd ook nog nie ‘n breë blik op die heil gehad nie en daarom was dit nog nie die tyd vir grootskaalse sending nie. Op daardie tydstip het noue kontak met die heidene baie groter gevaar as seën ingehou. Hoe ontsettend baie ellende het die invloed van die heidene tog nie opgelewer nie. Daarom moet alles gedoen word om in die tyd van die terugkeer en die herstel van die suiwere erediens vir die enigste God enige vermenging met godsdienstig-onreines te voorkom.

Die kernverskil met die nuwe bedeling, die tyd waarin ons leef, is dat die gemeente van Christus ‘n oop gemeenskap is. Daar is geen sprake van dat dit enigsins hoegenaamd op bloedgemeenskap kan berus nie – dan was elke nie-Jood uitgesluit – maar dit rus geheel op geloofsgemeenskap. ‘n Oop gemeenskap maar ook ‘n aparte geslote gemeenskap teenoor die wêreld en al sy verleidelikhede en sondes.

HERSTEL VAN DIE EREDIENS. ESRA 3

‘n Grondliggende kenmerk van ons tyd lyk dat daar tog asseblief niks grondliggends meer moet wees nie. Verandering terwille van verandering en vrymaking uit die keurslyf van die verlede is wat die klok slaan. Van alle kante word ons om die ore geslaan met minagtende opmerkings oor die vorige ‘regime’ polities, staatkundig maar ook en venynig kerklik. Alles wat sommige mense in stryd met hulle gedagtes, grille en gevoelens beskou moet uit die Bybel uitgehaal word, daar moet vryheid wees wat Skrifuitleg en Skrifuitvee en Skrifverandering betref. Watter sielkundige skade en onmenslike lyding het die verkramppte kerke en hulle ou omies in kerklike vergaderings aan allerlei arme bloedjies veroorsaak. Laat die winde van verandering tog tot stormsterkte opsteek en al die skynheilige verkrampptes die duisternis in waai – as daar tenminste nog so iets soos ‘n ewige duisternis is, as dit ook nie maar ‘n primitiewe bangmaakstorie vir mondige slim mense is nie. Dit is wat mens lees in artikels en briewekolomme in die pers. En die skrywers dink dat hulle modern is en die waarheid in pag het. Tog eintlik nie. In hulle oë is daar nie een waarheid nie maar sommer handevol bietjies waarheid in alles en daarom is die kerklikes so sleg omdat hulle durf beweer dat daar net een Waarheid is...Een Weg en Een Waarheid. Van die eerste dag van die Kerk van Jesus Christus was daar al hierdie aanvalle en sal dit so bly tot die Laaste Dag toe. Die duiwel is nie verniet die leeuenaar van die begin af nie. Die skrywers teen die kerklike ‘regime van die voor-demokratiese donker eeu’ tokkel op die snare van die ‘bybelse of christelike liefdesgebod’ maar die venynige verdoemende weerligtaal wil nou nie juis liefdevol of harmonieus klink nie.

Hierdie moderne 21ste eeuse senario is maar net ‘n weerklank van dit wat ‘n ses eue voor Christus in die verwoeste Jerusalem gehoor is van die kant van die ‘inkommers’ van ‘n paar geslagte gelede toe die ‘oorspronklike’ inwoners

– tenminste nadat die ander ‘oorspronklike’ inwoners naamlik die Kanaäniete verjaag of van die aarde verwyder is – in ballingskap weggevoer is. Hierdie mense wat die Beloofde land nou bewoon het was natuurlik glad nie positief gesind teenoor die koning se witbroodjies wat hulle ou beste stukke land wou terughê nie. Watter ellende sal die ‘grondhervormings’ veroorsaak! Maar aangesien dit nog altyd ‘n geval is van ‘n ‘boer maak ‘n plan’ het die inwoners besef dat die terugkommers merendeels seker weens hulle geloof teruggekom het want wie is anders so onnosel om die land van oorvloed te verruil vir ‘n lewensgevaarlike reis en verblyf in ‘n woeste land van dorings en distels en puinhope? Daarom kon ‘n gemeenskaplike basis gevind word in die godsdiens want hulle is darem geen heidene nie, hulle bestaan mos uit agtergeblewe lede van Israel en Juda en Samaria en lede van volke wat netsoos die Jode ook gedeporteer was en as ballinge in Juda beland het. Maar almal is godsdienstig – ateïsme was nog nie uitgevind nie - en hulle almal offer mos òòk aan die Here van Israel. Al was daar geweldige weersin teen die teruggekeerdes wat vir hulle geldelik en wat blyplek betref ‘n ware ramp was, moes die beste van ‘n slegte saak gemaak word en op ‘n manier saamgewerk word.

Maar die Jode was darem ‘n ander soort nasie waar ‘n mens slegs met groot moeite mee kan regkom.... Indien ooit! Wat dink hulle tog van hulleself? Onaangename mense wat dink dat hulle beter as ander is en, soos oorbekend, deur al die eeue moeilikheidmakers was, ons moet tog onthou om dit ter gelegener tyd vir die koning te laat weet sodat hy as gewaarskude man vir twee kan tel en sy eie belange kan beskerm( sien Esra 4 : 12, 13). Die gevolg was dat die inwoners van Juda van die begin af vyandig was teen die so fundamentalistiese Jode wat volgens die letter van die outydse wet wou leef en hulle godsdiens beoefen.

Onmiddellik in die sewende maand – ons September-Oktober – word al volgens die wet saamgekom om die feeste te vier wat in daardie ou wet

vasgestel is. Nou ja, vir 'n 'partytjie' is 'n mens altyd te vinde ... maar hulle wil dit dan eksklusief hou, jou werklikwaar geen demokrasie nie maar apartheid! Voor die feesvierings word dit al baie duidelik gewys want die altaar wat al so baie jare gebruik word op die oeroue tempelplein is vir die hooghartige Jode nie goed genoeg nie, hulle bou hulle eie. En wat jy ook al kan verstandig sê, dit stuit keer op keer op die ou afgesaagde storie van 'daar is geskrywe' en dan is die kwessie afgehandel. Watter 'letterslawe' is hierdie fundamentaliste tog !! Jy kan maar net in verstomming staan en kyk en jou slaplug oor party van hulle ouderwetse gebruike en jou wyse kop skud oor verkramptheid wat so'n demper op vryheid en blyheid plaas. Ons slim 21ste eeuers kan maar net die wyse Salomo nasê dat daar niks nuuts onder die son is nie, in wese bly die kritiek dieselfde.

Voordat die drie feeste wat in die sewende maand gevier moes word, gevier kòn word moes die altaar eers herstel word. Daar is tog allerlei voorgeskrewe offers en daarvoor is 'n altaar nodig wat nie verontreinig was deur offers en priesters of offeraars wat kulties onrein was. Die volk het tog baie goed deur bitter ondervinding geleer dat die HERE gedien en ge-eer moet word presies soos dit Sy heiligheid betaam. Of die HERE word gedien volgens Sy Woord óf Hy straf die ongehoorsaamheid van Sy volk. Daar is geen moontlikheid van 'n kompromis nie.

Die altaar word herbou op presies dieselfde plek op die dorsvloer van Arauna waar die HERE vir Dawid beveel het om 'n altaar te bou. Tweemaal word uitdruklik gesê dat die offers gebring word soos 'dit voorgeskryf is' in die wet van Moses. Die teks lê ook 'n direkte verband tussen die herbou van die altaar en die volk se vrees vir die bestaande bevolking. Of 'n mens hierin 'n stil verwyd moet lees dat die Jode eers vir hulleself blyplek gaan regkry het en vir bewerking van die grond gesorg het en daarna eers aandag aan die diens van die HERE gegee het omdat Hy hulle nou gou-gou moes help teen die

vyande, weet ek nie. Dit sou in elk geval nogal tipies menslik wees ( en nie net joods nie), dit sou ook kan aansluit by Haggai 1 : 4.

\*\*\*\*\*

### DIE OFFERDIENS.

Hoe die brandofferaltaar gelyk het en wat die grootte daarvan was weet ons nie. Die brandofferaltaar in die tabernakel en die altaar in die tempelvoorhof in die tempel van Salomo en in die herboude tempel van Herodes se afmetings verskil in elk geval grootliks. Al het God vir die brandofferaltaar in die voorhof van die tabernakel die afmetings vir Moses gegee was dit geen Goddelike bevel vir die tempel van Salomo nie. Die omstandighede was ook totaal verskillend want vir die tabernakel moes die altaar draagbaar wees, vir die volgende omtrent 38 jaar moes dit deur die woestyn gedra word maar in die tempel het dit sy permanente plek ontvang. Die oorspronklike altaar was ook 'n leë dop. Gemaak van harde akasiahout of doringhout (volgens die Nuwe Vertaling) en met rooikoperplate oortrek. Waar die tabernakel staangemaak is, is grond binne in die hol altaar geplaas of anders by gebrek daaraan klippe wat egter nie deur mense gekap of bewerk was nie. Hierdie verbod heelwaarskynlik omdat die heidense volke en so ook die Kanaäniete met hulle vrugbaarheidsafgodediens juis op hulle altare beeldhouwerk gehad het wat menslike geslagsorgane en wat daarmee gepaard gaan uitgebeeld het. In die boek Levitikus lees ons in die eerste 7 hoofstukke baie uitvoerig en baie presies oor die offerdiens aan die HERE. Vir ons gevoel is dit plus al die wette wat in die res van daardie Bybelboek staan, nou nie juis ontspanningslektuur nie, eerder vir ons wat nie meer daardie offerdiens ken en mag gebruik nie, ietwat of sommer baie vervelig. Maar op daardie manier maak ons ons ryk geloof wel armer. Dan sien ons nie die evangelie in Levitikus raak nie. Verder is dit ook omtrent onmoontlik om die Brief aan die Hebreërs te verstaan sonder om die boek Levitikus te lees. In die offerwette

en die bepalings oor die priesters en die feeste weerklink die bevrydend blye boodskap oor Hom wat dit alles moet en kan ‘vervul’ want geen priester uit die stam van Levi kan dít ooit doen nie, hoe afgryslik duidelik was dit al te sien met die wyding van Aäron en sy seuns as priesters. Nadat Aäron die verskillende offers gebring het en hy tweemaal die seën van die HERE op die volk gelê het, verskyn die heerlikheid van die HERE soos Hy beloof het en het vuur van die HERE gekom wat die oorblyfsels van die offer op die altaar verteer het. Die volk het vol blydschap geskreeu en in aanbidding neergeval. Daarna het die twee oudste seuns van Aäron ‘n wierookoffer vir die HERE aangebied. Daar was geen opdrag daarvoor van die HERE nie. Hulle bring onwettige vuur op die altaar. Die HERE straf hierdie eiewillige godsdiens deur daardie priesterseuns van die hoëpriester onmiddellik met vuur te verteer. Hulle het die HERE ontheilig. Die heerlikheid van die HERE kan die brandoffer verteer en daarin die guns van die HERE aanwys. Die heerlikheid van die HERE kan ook priesters verteer en daarmee die toorn van die HERE laat sien en voel.

Ons kan die boek Levitikus opsom in die woorde van 20 : 26 “ Julle moet heilig lewe want Ek die HERE is heilig. Ek het julle afgesonder uit die volke om net aan My te behoort’. Apartheid dus in die ou bedeling, die woord ‘heilig’ beteken dan ook om apart geplaas te word. Dit kom ook uit in al die offers en al die bepalings daarvoor. Daar word dikwels gewys op allerlei ooreenstemmings tussen Israel en die omringende volke. Al word dit wel dikwels oordryf is dit so dat God Israel ook al ‘in die wêreld’ geplaas het met die bevel ‘om nie van die wêreld’ te wees nie. Daarom die ‘apartheid’, die afsondering vir diens aan die HERE. Dit beteken natuurlik nie dat Israel sonder sonde sou wees nie- ons weet uit die Bybel wel van beter. Netsogod weet ons tot ons berou dat ons as kinders van die HERE ook nie sonder sonde is nie, die duiwel, die wêreld en ons eie vlees val ons gedurig aan om te sondig en daarom dat elke gelowige daaglik sy sonde berouvol bely met die

seker wete dat sy/haar Saligmaker volkome daarvoor betaal het in sy/haar plek. Israel was nou in die woestyn die kind van God wat aan die hand van die Vader op pad was na die Beloofde Land. Ook in die geloof nog 'n kind wat nog baie moes leer. Apart – geheilig – geplaas tussen allerlei volke en nou het dit die HERE behaag om soms gebruik te maak van dinge by die heidene wat Israel geken het. Soms het God Hom in Sy openbaring aangepas by dit wat die volk geken het. Maar dan het die HERE die bekende dikwels ook so verander dat dit totaal iets anders geword het. Dit was ook die geval by die offers.

Die eerste keer wat ons van offer hoor is by Abel en Kaïn.- dit word sonder meer genoem en nie verder verduidelik nie, asof dit onnodig sou wees want elkeen het geweet wat dit beteken. By Abraham lees ons ook van 'n offer. Tot voor die sondeval kon die mens blykbaar alleen diere slag vir 'n offer, eers na die sondeval kon diere ook as voedsel vir die mens dien.

Die offer vir die gelowige Israeliet en die heiden het wel van dieselfde elemente gehad maar in wese radikaal verskil. As twee mense dieselfde doen wil dit nog nie sê dat dit dieselfde is nie.

Bloed het by gelowige en heiden in die offer 'n baie groot rol gespeel. Maar watter verskil! Vir die heiden het die bloed geweldig baie en groot krag en omdat in die bloed die lewe is dan moet jy daardie lewensbloed drink sodat die krag van die lewe, die godheid dan binne in jou kan kom. Die HERE verbied die drink van bloed absoluut. Die HERE het bloed gegee as die middel waardeur daar versoening kom en daarom mag dit nooit gedrink word nie maar moet dit onder andere teen die altaar gesprinkel of uitgegooi word. Dit was eiendom van en bestem vir die HERE. Dus 'n baie duidelike anti-heidense bepaling!

Selfs al sou daar in die heidendom geen offerkultus gewees het nie dan nog sou die HERE die offers wel vir Israel ingestel het want alle offerdiens wat volgens die wet ingestel was het na die offer van die Here Jesus gewys, Sy



volmaakte offer afgebeeld. Om die lyn nou baie ver deur te trek sou 'n mens kan sê dat die offers se instelling in die eerste plek vir ons bedoel was en pas in die tweede plek vir Israel. Want in die offerinstellings het dit gegaan oor die Christusverkondiging. Ons kan die ware betekenis van Christus se offerdood nie uit die werklike geskiedkundige kruisiging op Golgota leer ken nie, maar uit die Mosaïse offers en die openbaring wat daarop rus en sou kom. Ons lees in die evangelies DAT die Here Jesus gely en gesterf het, dát en hóé die offer op Golgota gebring is. Maar die betekenis daarvan, die betekenis van daardie enige offer dit leer ons uit die offerwette wat die HERE in Sy verbondsliefde vir Moses en in die openbaring daarna, gegee het en uit die verklaring wat die Nuwe Testament verder daarvan gee. Die Hebreërbrief verklaar die betekenis van Christus se offer juis uit die boek Levitikus. Sonder Levitikus met die hele offer en heiligheidswette is Hebreërs nie denkbaar nie. Om Golgota reg te kan verstaan het ons die lig van Levitikus nodig. Met die offer van Christus is die vervulling van Levitikus gegee. Natuurlik bring ons as Nuwe Testamentiese Kerk ook offers – die offer van onself, van ons geld en goed, die offer van die gebed – maar die karakter van die offer het totaal verander. Die Nuwe Testamentiese offers is offers van dankbaarheid vir die verlossing wat Christus vir ons verdien het. Dit is nie afbeeldings van die ampswerk van Christus nie maar deel van die dankoffer wat Christus deur Sy gemeente ook vir die Vader gee. Ook 'n Ou Testamentiese gedagte om offers van verbryselde harte en nuutgemaakte harte as God-welgevallige offer te bring wat natuurlik rus op die werk van Christus Ps 40:7 ; Ps 50 : 18,19 ; Jer 7 : 21 ev.

Die teruggekeerde ballinge het die brandofferaltaar herbou. Die brandofferaltaar was die basis vir die offerbediening. Op daardie altaar moes al die offers wat in die openbaar gebring word, geoffer word. Die offerdier moes 'n manlike en volmaakte mak dier wees. 'n Bul of skaap- of bokram of , vir die heel armes duiwe. Die offeraar lê sy hand op die kop van die dier om

daarmee simbolies die dier in sy plek te stel – die mens is die dood skuldig maar die offerdier gaan in sy plek. Die offeraar bied hom dus self aan die HERE aan. Die lewe van die dier kom dus in die plek van die lewe van die mens. Pleks dat mensebloed vloei laat die HERE toe dat die dier se bloed vloei. Nadat die offeraar self die dier geslag het volg die baie belangrike werk van die priester met daardie bloed. Die priester het in die spesiale bak die bloed opgevang, smeer van die bloed aan die altaar se horings wat simbool van krag is en waardeur die kragtige en werksame van die versoening aangedui word en sprinkel dit nou daar in die voorhof vir almal om te sien teen die brandofferaltaar. So word die bloed waarin die lewe is aan die HERE aangebied. Daardeur word die sonde van die offeraar versoen, bedek voor God se aangesig. Natuurlik doen die bloed op homself niks nie, dit is geen towenary nie, maar die HERE aanvaar die bloed as plaasvervanging vir die lewe van die menslike offeraar. Die offerdier vir die sonde geslag wys op die soenbloed van Christus, Christus die ware soenoffer. Die priester het ook na Christus gewys, Christus die ware Priester en die altaar wat die offer geheilig het, het na Christus gewys.

Daarna slag die offeraar die dier af en gee die vel vir die priester, hy was die offerdier skoon en deel dit op in stukke soos vir ‘n ete. Die offeraar voltrek simbolies so eintlik die oordeel oor homself want hy het mos sy eenheid van offer en offeraar met sy handoplegging duidelik betoon.

Daarna doen die priester weer iets, hy rangskik die stukke van die offerdier op die altaar en bied dit aan die HERE aan, verbrand die offer volkome waarvan die rook opstyg na die hemel as ‘n lieflike geur of eintlik letterlik vertaal ‘as ‘n reuk wat rus bring’. Die offer bring die rus met die HERE, troos, versoening, die regte verhouding tussen mens en sy God.

Die brandoffer is elke dag in die oggend en die namiddag gebring. Vir bv. die vredeoffer of die skuldoffer was daar altyd ‘n bepaalde rede weens een of ander gebeurtenis maar vir brandoffers was daar gewoonlik nie ‘n rede wat

aangewys kon word nie. Daar het dus gedurende die hele dag 'n rookkolom bokant die voorhof gehang en mens kan jou indink dat die reuk van die brandende vleis deur die hele stad getrek het. As 'n verskriklike ramp was dit gesien as die daaglikse brandoffer vir die gemeente nie kon plaasvind nie Dan 8 : 11-13. Die spysoffer of graanoffer was meer 'n dankbaarheidsoffer. Die vredes- of dankoffer is ook met handoplegging, slag en bloedspreukeling begin maar net die vet en niere, niere wat die innerlike gedagtes van die mens simboliseer, word op die brandoffer gelê en verbrand. Die bors en regterskenkel was vir die HERE bedoel en moes deur die priester as 'n beweegoffer aan die HERE aangebied word, daarna kon die priester as verteenwoordiger van die HERE daardie stukke hou. Die res van die offerdier is deur die offeraar en sy mense as vredeoffer opge-eet. Veral so is die eersteling by die heiligdom ge-eet. Die HERE was dan daar die onsigbare Gasheer wat op grond van die offer van versoening die gemeenskaplike maaltyd meegevier het as voorspel op die maaltyd in die hemelse heerlijkheid - ons kan dus die lyn van die offermaaltyd deurtrek na die heilige nagmaal toe.

In kort gee al die offervoorskrifte van Levitikus 1 tot 7 die verskillende grondtipes wat saam die offer van Christus karakteriseer. Ons moet ook goed oog daarvoor hê dat die offerdier se bloed met geweld geneem is. Dit het nie net oor bloed gegaan nie, bloed wat byvoorbeeld as gevolg van 'n ongeluk gevloei het, het geen godsdienstige betekenis gehad nie. Die bloed moes gewelddadig vloei en daarna is die bloed wat voor die aangesig van die HERE gestort is op die altaar gesprinkel of in die heiligdom gesprinkel of aan die horings van die reuk- of brandofferaltaar gesmeer of gedeeltelik op die grond gegooi. Sonder bloedstorting geen vergewing nie Heb 9 : 22. Al daardie bloed het vooruitgewys na die bloed van ons Here Jesus Christus wat so gewelddadig uit Hom uit gesel en gepars is, bloed vir ons skuldversoening. Opvallende karaktertrekke is by die brandoffer dat letterlik

alles van die dier, behalwe dan die vel, op die altaar verbrand moes word as teken van volledige oorgawe van die offeraar. Dit wys daarop dat die Here Jesus Hom as die ware brandoffer volkome laat verteer het deur die vurige vlamme van God se oordeel op Golgota en dat Sy offer 'n vrywillige offer was wat wys op Sy volkome toewyding en onderwerping om die wil van die Vader te doen.

Die spysoffer wys daarop dat die selfofferande van Christus 'n geskenk was wat vir die Vader aangenaam was en Sy toorn stilgemaak, tot rus gebring het. Baie belangrik was ook die sonde- en skuldoffer. Dit was dan vir die hoëpriester en die volk wanneer die bloed in die heiligdom gebring moes word – op die groot Versoendag in die Allerheiligste- en die offerdier buitekant die laer verbrand moes word. Wat ook wys op die versoening en wegdoen van die sonde deur Christus. Hy wat ook buitekant die laer gely het. Die skuldoffer wys dan weer daarop dat die versoening volkome rus op die voldoening aan God se reg. En dan is daar dankoffers wat as loffer, gelofte offer en vrywillige offer ook almal na Christus wys, Hy wat ons opgedra het om God in alles te dank en dankbaar te wees.

Ons kan die betekenis van die offers ook saamvat in die driedeling : regverdigmaking, heiligmaking en heerlikmaking.

Regverdigmaking : die offeraar bring self die offerdier na die altaar, lê sy hand op die offerdier se kop en dra so die verpligting om vir sy sonde te betaal oor op die offerdier, slag die dier self ( later doen die Leviete dit behalwe by duiwe waar die priester dit moes doen omdat daar so min bloed was). Nou neem die priester oor want die opvang van die bloed en die besprenkeling of ander werk daarmee was altyd slegs priesterwerk want deur die bloed gee God aanvaarding van versoening. Alles moes baie punktuëel gedoen word, presies soos voorgeskryf vgl Esra 3 : 2 en 4, die bloed moet op die regte voorgeskrewe plek bedien word en wel deur die bevoegde persoon alleen dan sou God vergewing gee. Regverdiging, versoening.

Heiliging : die versoening het nou simbolies plaasgevind, die sondes is bedek, nou kom die heiliging voorgestel en gewaarborg deur verbranding van die geslagte offerdier. Van elke offerdier is altyd minstens iets verbrand. Deur daardie deel was die geheel verteenwoordig en die hele offerdier aan God opgedra en geheilig as verteenwoordiging van die offeraar. Hierby kom dat 'n bloedige offer altyd met 'n spysoffer gekombineer moes word. 'n Spysoffer het uit brood en wyn bestaan wat simbool was van die goeie werke van die gelowige en verder was daar wierook by wat die gebed gesimboliseer het en olie wat gewys het op die werk van die Heilige Gees.

Verheerliking : by die vredeoffer het die offeraar en sy gesin/ vriende 'n offermaaltyd gehou 'voor die aangesig van die HERE' wat 'n belofte was van die heerlike maaltyd wat in die Nuwe Jerusalem of in die paradys geëet sal word. In die vredesoffer sien ons dus die klimaks van die offers met die offermaaltyd. Die HERE as tafelgenoot, Gasheer.

-----

Sonder die offerdiens kan ons die optrede van die gelowiges met die oprigting van die altaar op die regte plek op die dorsvloer van Arauna nie reg verstaan nie, sterker nog daarsonder kan ons die offer van ons enigste Saligmaker, Jesus Christus nie eers 'n bietjie verstaan nie.

Die hele volk het na Jerusalem toe opgetrek om onder leiding van die hoëpriester Jésua en Serubbabel die afstammeling van Dawid die groot feeste te vier. Die sewende maand was die groot feesmaand. Op die eerste dag was die besondere nuwemaansfees gevier Lev 23: 23-25; Num 29:1-6 wat later die Joodse nuwejaarsfees geword het. Omdat daardie dag spesifiek op die basuin geblaas moes word is dit ook die 'fees van die basuingeklank' genoem. Daarna moes die Groot Versoendag gevier word maar ons lees daarvan nie hier nie want al word die altaar herbou is die tempel nog nie herbou nie. Die derde groot fees was die Loofhuttefees wat altyd vir die Jode

die grootste jaarlikse fees was. In wese was dit ‘n dankfees na die vrugte- en wynoes Eks 23 : 16 en 34:22 wat van die vyftiende tot die drie-en-twintigste van die maand gevier moes word. Dit was ook die fees waarin die verlossing uit Egipte se slawehuis en die reis deur die woestyn gevier is en die Jode het daardie feesdae in hutte van takke en blare (loof) gewoon. Dit was ‘n fees van uitbundige vreugde Deut 16: 13-15. Loofhuttefees in die Beloofde land wat opnuut gegee is in afwagting van die koms van die beloofde Messias.

Baie klem word gelê op die noukeurigheid waarmee die geopenbaarde wil van God, soos deur Moses vir die volk gegee, gehoorsaam word. Daar is geen sprake meer van die verregeande ontrou en slordigheid van die verlede nie. Geen eiewillige godsdiens wat so ‘n groot gevaar deur alle eeue is nie, maar eerbiedige doen van dit wat God beveel het.

Behalwe dat elke dag die vasgestelde môre- en aandoffers gebring is, is ook die offers vir die Loofhuttefees presies opgedra. Dit wou gedoen wees deur die so verarmde ballinge!! Dag na dag is die brandoffers gebring presies soos in die Wet voorgeskryf was. Die eerste dag van die fees was dit dertien jong bulle, twee ramme en veertien jaaroud lammers – almal natuurlik sonder enige liggaamsgebrek – plus die nodige graanoffers wat in elk geval altyd saam met ‘n brandoffer gegee moes word, plus ‘n bokram as sondeoffer. Die tweede dag twaalf bulle plus die ander van die eerste dag, die derde dag elf bulle en so elke dag een bul minder plus al die ander wat die eerste dag gegee was. Alles saam 71 bulle, 15 ramme, 105 jaaroud lammers plus nog 8 bokramme as sondeoffers en dan lees ons by elke dag ‘afgesien van die gereelde brandoffer met die graan- en drankoffer daarby. Dit is dan die brandoffers, die graanoffers, die drankoffers en die maaltydoffers wat julle in julle feestye vir die HERE moet bring, julle gelofteoffers en vrywillige offers’ Num 29 : 12-39

So is die offerdiens herstel maar daar was nog nie eers ‘n begin gemaak met die herstel van die tempel nie, die fundamente was selfs nog nie eers gelê nie.

Daar is egter wel met voorbereidings begin deur mede-Israeliete wat klipkappers en ander vaklui was in geld te betaal en die Sidoniërs en Tiriërs wat die Fenisiërs was, met kos, drank en olie. Dit was nou weer soos in die dae van Salomo se tempelbou 2Kron2:10. Om die sederhout van die Libanon te kry is die Fenisiërs ingespan en soos toe weer met kos betaal want dit was iets wat hulle nie self kon produseer nie. Die sederstamme is van die Libanon na die see gebring en in vlotte opgemaak om so na Jafo (nou Jaffa) gebring te word en daarvanaf per pad die so'n 70 km opdraande na Jerusalem toe. Na die reëntyd en die garsoes is in April-Mei 536 'n begin met die herbou van die tempel gemaak. Die Leviete moes toesig hou oor die tempelbouwerk om te sorg dat daar nie van kultiese voorskrifte afgewyk sou word nie en dat die offerdiens nie deur die bouwerk verhinder sou word nie.

Die lê van die fondament was waarlik rede vir feesvierings. Die priesters tree dan ook in hulle ampsdrag op en blaas op die trompette wat die priesterlike instrument was, terwyl die Leviete uit die Asafgroep die simbale bedien het, simbale wat uit twee bakke van metaal bestaan het en teen mekaar geslaan is. Hulle het opgetree 'om die HERE te loof soos koning Dawid van Israel bepaal het'. Koning Dawid het in sy tyd al die tempelmusiek gereël. Die gebruikte musiek is dieselfde as by die inwyding van die eerste tempel 2Kron5:13; Psalm 136 word ook nou aangehaal.

Tog was dit ook weer 'n geval van gemengde gevoelens vir die ouere priesters, Leviete en familiehoofde wat die ou oorspronklike tempel nog gesien het. Hulle het die ou tempel nog in 'n (groot ?) mate van sy prag gesien en die vernietiging van tempel en volk beleef – die absolute verskriklikheid daarvan skets Jeremia skrynend duidelik in sy Klaagliedere. Al kan dit dan so wees dat Haggai 2:3 nie van toepassing is nie omdat die huilendes nog nie aan die fondament kon sien dat die tempel nie so mooi soos Salomo se tempel kon word nie, neem dit nie weg dat enige mens op sy vingers kon uitreken dat dit wel die geval sou wees. In elk geval het die

huilendes by die sien van die fondamente aan die eerste tempel teruggedink en toe in trane uitgebars. Die rede gee genoeg stof tot spekulاسie en interessante verklarings. Luteyn sê dat dit sy ervaring is dat die vreugdevolle hede juis die droewige verlede laat opkom : daar is min feeste waar juis die oueres geen trane stort nie. Dit is nou eenmaal maar deel van die ondermaanse. Grosheide wys weer daarop dat die jongeres die ou tempel nie gesien het nie en nou eensydig juig oor die uiterlike herstel met die koms van weer 'n tempel maar vergeet dat Israel juis geestelike herstel nodig het. Terwyl die oueres weer op hulle beurt te min van die HERE verwag deur te vergeet dat die HERE uit iets wat klein is juis iets wat groot is kan maak en dit ook sal doen as hulle Hom gehoorsaam. Al twee groepe let te veel op die uiterlike.

Die vreugdevolle gejuig oorstem egter die gehuil van die ou garde.

Dat die nuwe tempel nie vergelykbaar sou wees met die prag van die ou tempel nie, het die HERE tog ook wel laat gebeur sodat die volk stadig maar beslis seker van die ou verbond losgemaak moes word. Met die herstel van die tempeldiens is nou die allerlaaste periode van die Ou Testamentiese bedeling ingelui. 'n Periode wat afgesluit word met Hom wat die fondament van die ware tempel sal lê en so die Ou Testamentiese erediens en tempel onnodig sal maak. Die tempelerediens het altyd vorentoe gewys na die koms van Jesus Christus en die volk ryp gemaak vir die gedagte aan die grootste offer van alle tye. Die gelowiges is op die koms van die Messias voorberei deur die offerdiens en so kan die lyne deurgetrek word na ons toe wat deur Woord en sakrament as Nuwe Testamentiese gemeente voorberei word op die wederkoms van ons Messias.

'n Bybelgedeelte soos hierdie hoofstuk gee geweldig baie geleentheid vir allerlei stigtelike woorde en gedagtes en lyne deurtrek van daardie tyd na ons tyd toe. Soos om te sê dat die fondament presies op die ou fondament moes lê en dan te sê dat ons ook op die ou fondament moet bou. Natuurlik kan dit so



wees maar dit staan nie in die tekswoorde nie. Om dan die lyn deur te trek na Paulus in 1Kor3:10 e.v. klink goed maar is nie werklik van pas nie. Paulus se uitspraak moet op sigself gelees en aanvaar word. Die tempelfondament is mensewerk al was dit nog so gelowige werk. Die Fondament waar Paulus oor spreek is geen mensewerk nie maar Jesus die Christus, Seun van God en Self God. In ons eeu van so'n maklike gebruik van heilige woorde en van 'n so menslike familiariteit met die Allerheiligste is groot beskeidenheid en kinderlike eerbied iets wat ons gerus weer kan aanleer.

#### VYANDSKAP WANNEER BEGINSELS DIE SWAARSTE WEEG ESRA4

Die Here Jesus waarsku ons vir wolwe wat in skaapsklere kom Mt 7:15, dit is presies wat die teruggekeerde bannelinge ook beleef het. Die vyande van Juda en Benjamin het gehoor dat die bannelinge 'n tempel bou vir die HERE, die God van Israel, lees ons in vers 1. Maar hierdie vyande kom nou met 'n wonderlike aanbod van hulp na die bannelinge wat dit werklikwaar baie goed kan gebruik. Die aanbod was egter hoegenaamd nie vryblywend of sonder allerlei verpligtings nie – dit was so duidelik soos daglig te sien toe die bannelinge die aanbod van die hand wys.

Die vyande was die Samaritane soos ons gewoon is om hulle te noem. Dit was egter nie 'n bepaalde volk wat in Samaria gewoon het of Israëliete wat daar gewoon het nie. Onder Samaritane is wel oorspronklik die inwoners in en rondom Samaria bedoel maar eintlik ontmoet ons hulle in die Bybel van die eerste keer af in 2Kon17 as 'n hele mengsel van allerlei volke. Hulle het bestaan uit Israëliete wat nie in ballingskap weggevoer is nie plus allerlei mense wat deur die Assiriërs as bannelinge na Samaria gevoer is. Omdat veral vooraanstaandes en hulle gesinne (en hulle slawe en hulle gesinne)

deur die oorwinnaars in ballingskap weggevoer is, het hierdie mense uit die hoëre klasse ook hulle afgodsdienste saamgeneem en so is 'n swetterjoel nuwe afgode in Palestina ingevoer. Elke volksgroep het mos sy eie spesifieke gode gedien, daar was selfs wat kinderooffers aan hulle afgode gebring het plus tegelykertyd die HERE gedien het 2Kon17:31,32. Onder die Assiriërs was daar geweldige volksverskuiwings met al die onvoorstelbare ellende wat daarmee gepaard gegaan het, in Samaria het selfs woestynbewoners gekom 'waarvan geen wyse of geleerde nog ooit gehoor het nie' volgens 'n antieke heidense skrywer (Sargon in sy Annale). Weens hulle agtergrond en afkoms kan ons dus met veiligheid aanneem dat die Samaritane goed ontwikkelde mense was wat in elk geval meer van die wêreld gesien het as die agtergeblewe Jode. Juis omdat die oorwinnaars deur die eeue die room van 'n gemeenskap deporteer is die wat agterbly nie juis die intelligentsia en entrepreneurs wat skynbaar makliker die besetters se planne kan saboteer nie. Ons sien tot vandag toe dieselfde verwronge idees in die koppe van massamoordenaars soos Hitler en Stalin – hulle het 'n abnormale angst vir mense wat geleerd is en daarom moet daardie mense allereers vernietig word. In 'n bloedige totalitêre regime mag niemand dink nie. Daarom is in 'n land soos Kambodja met die Khmer Rouge se Pol Pot suiwerings-veldtog ongeveer die hele land se professionele en tegniese bekwame bevolking vermoor – en dit is so onlangs dat hofsake oor daardie menseslagtings nou hopelik sal begin.

Tot in elk geval 'n paar dekades gelede was daar nog 'n 500 Samaritane waarvan 'n klein godsdienstige gemeenskap naby Nabloes gewoon het. Daar is ook in die moderne Samaria deur die Jode 'n skool vir hulle begin om die Samaritane as 'n verwante volk vir ondergang te bewaar en in te skakel by die nasionale jodedom. Of hulle ingeskakel het is nie duidelik nie, hulle het 'n baie geslote gemeenskap met ondertrouery gevorm.

Dit is goed om die agtergronde te besef want anders is ons geneig om die Samaritane as agtergeblewe onnosele heidene te beskou. Die gelowige Jode sien ons tog as beter en slimmer en beskaafder as die ketterse Samaritane... Dit dan wat betref Noord Israel se inwoners. In Suid Israel het volgens Esegïel 35 die Edomiete soos aasvoëls op die Jode se grond toegesak en daar nesgekrop.

Al hierdie nuwe inwoners het gevoel dat hulle nou al jare der jare, ja al geslagte lank daar woon en verblyfregte het. En nou kom die Jode as die koning se witbroodjies en eis hulle stokou regte op. Maar die arme land se ‘infra-struktuur’ was nie opgewasse vir so’n geweldige invloed van armoedsaaiers nie. Die ekonomie sou dit nie kan hanteer nie. En nou begin daardie eiewyse Jode wat al die eeue deur ook op politieke gebied professionele moeilikheidmakers was (vs.15), nou begin hulle met die bou van hulle tempel. Dit beteken heel eenvoudig dat dit dan vir hulle en die Jode glashelder duidelik is dat die HERE Kanaän weer as Sy eiendom in besit neem. Die Samaritane besef dat hulle eiers vir hulle geld sal moet kies, teen die wil van die koning kan hulle nie nou ingaan nie. Die oplossing is dus om ‘n verbond met die Jode te sluit – dan kan hulle ook geniet van die voordele wat die Jode kry. “n Slim plan, slim want per slot van rekening het hulle darem ook nog ‘n goeie dosis joodse bloed, en ook slim uitgevoer want hulle bied hulle hulp aan met die geweldige groot werk van die tempelbou. Slim want hulle bied dit aan aan die leier van die volk, Serubbabel, en die familiehoofde terwyl die priesters en Leviete mooi gesystap word. As hulle dit kan regkry om saam te bou dan word daardeur hulle verblyfreg ook mooi erken.

Die teruggekeerde ballinge wys die aanbod van die Samaritane egter met absolute beslistheid maar op ‘n baie diplomatese manier af. Hulle praat nie ‘n woord oor godsdiens en godsdienstige onreinheid en derglike nie maar gooi dit oor die boeg van die opdrag wat sy majesteit die koning spesifiek

net en alleen vir die Jode gegee het. Wie wil nou teen die wil van die koning ingaan? Veral waar oosterse vorste berug was weens hulle wispelturigheid.

Menslikerwys gesproke was dit 'n dom-astrante houding wat hulle onmiddellik ook duur te staan gekom het. Die agterbakse vyande het onmiddellik kleur gewys en die Jode se lewe so suur gemaak met dreigemente en teenwerking dat die tempelbou vir sestien jaar lank gestaak is – maar behalwe die uiterlike probleme was 'n ander rede die verkeerde hartsgesindheid van die Jode soos ons veral by Haggai hoor.

Geloof werk op baie maniere. Hier werk dit 'n mooi diplomatieuse antwoord wat die verheidenste Samaritane nie beledig nie. Baie van ons wat met Jode te doen gekry het weet dat diplomatie of takt nie dikwels of maklik by hulle aangetref word nie – dit is eenvoudig nie 'n algemene karaktertrek onder hulle nie. Daarom is dit hier in die teksverse opvallend maar nie snaaks nie want dit is tog een van die vrugte van geloof.

Goed, dit was dus diplomatie mooi en sag en slim gestel maar maak dit daar nou 'n goeie antwoord deur? Was dit nie baie hard en afstotend en juis ten opsigte van die sendingroeping absoluut teen-produktief en nogal fariseïsties? Ons leef in 'n tyd van veelgeroemde verdraagsaamheid – ten minste op papier en solank jy saamstem en nie die etiket van 'fundamentalisme' verdien nie - en dan klink die Jode se optrede onnosel hoogmoedig en 'n voorloper van daardie 'misdad teen die mensdom' wat apartheid genoem word. Hierdie Jode is so brutaal egoïsties dat hulle gedurig praat van 'hulle' God asof hulle die alleenreg op God het. Aanvalle presies dieselfde soos vandag waar allerlei 'christene' en veral daardie mense wat bande het met die Wêreldraad van sogenaamde kerke met groot geraas beweer dat alle godsdienste in wese dieselfde is, almal aanbid dieselfde 'god' of dit nou christen of mohammedaan of boeddis is. Soos 'n populêre liedjie gedurig oor die radio verkondig 'dit maak nie saak watter (heilige) boek jy lees nie'.

Wat was egter die geval met Israel – ‘was’ nie ‘is’ nie, vandag se ‘Israel’ is ‘n sameraapsel van Jode wat vanoor die hele wêreld na Palestina getrek het en daar ‘n wêreldse staat gestig het met humanisties-sosialistiese-aardse ideale. Insoverre van die Jode nog die joodse geloof aanhang is hulle in die minderheid en in elk geval anti-christelik.

Om die houding van die Jode wat in hulle klein groepie die hele Israel verteenwoordig het, reg te verstaan moet ons let op die verbondsverhouding waarin hulle teenoor die HERE gestaan en bestaan het.

### Wat is die VERBOND ?

Die HERE God het met die Israel van die ou verbond, van die Ou Testament, Sy verbond gesluit. HERE met vier hoofletters is dan ook die vertaling van die Hebreeuse JAHWE ( nie Jehova wat ‘n verkeerde vertaling is deur mense met meer geraas as intelligensie en wat o-so-geleerd wil klink met hulle gebruik van die Naam te pas en te onpas). Wat beteken dit dat die HERE = getroue Verbondsgod Sy verbond met Sy volk gesluit het? ( Vir ‘n breedvoerige bespreking met verbondsdokumente wat internasionaal gebruik is sien my “Gewaarborgde Oorwinning – hulp by die Bybelstudie van die boek Daniël”).

Om die Woord van God reg te kan verstaan is dit noodsaaklik om die verbondsgedagte en verhouding met die getroue Verbondsgod reg te verstaan. Ons sien juis dat weens die vergeet van of verontagsaming van die verbondskarakter van God se werk en die Heilige Skrif daar ‘n kultus is van geestelike egoïsme wat net gerig is op die verdien van eie saligheid in die plek van verering van God. ‘n Gevolg daarvan is natuurlik ook die minagting van die Kerk as Liggaam van Christus en die stig van allerlei los ‘geloofsgemeenskappe’ of kerklosheid. Dit is so tragies dat die ondervinding leer dat mense wat die verbondsgedagte loslaat en die kinderdoop verwerp en aansluit by ‘n geloofsgemeenskap wat hulle gevoel meer

bevredig, dan daarna geneig is om van die een na die ander gemeenskap te swerf met ‘n gedurige soeke na ‘n voorganger wat hulle ‘n ‘geestelike opkikker‘ kan gee om so dikwels op die ou end kerklik dakloos te raak. Wanneer die kerklike wortels losgesny word volg daar al te dikwels op dat dit gaan soos die Here Jesus gesê het oor die gras wat opskiet maar onder die middaghitte verwelk.

Die hele Skrif is van begin tot end die openbaring van God as ons Verlosser. In elke geskiedenis word ons gewys op die verlossing deur die Middelaar. Natuurlik is dit nie in elke geskiedenis voluit sigbaar nie. Daar was in die openbaring van God ‘n groei, voortgang, ontwikkeling van die verlossing wat reeds in die moederbelofte in Genesis 3:15 gegee is. Omdat in alle werk van God in die geskiedenis van die Ou Testament die kiem van die verlossing reeds opgesluit lê, moet ons dit soek in die lig van die Nuwe Testament. So is die getuienis oor Jesus Christus ook in die Ou Testamentiese profesie. In alles in die Ou Testament werk ons Middelaar reeds, in die mense, in die gebeure, in die geskiedenis werk Hy om Hom te openbaar. Deur Sy Gees maak Hy die geskiedenis een wonder, alles is van Hom vol. Ons rig nie al ons aandag op mense en hulle geloof in die Bybelse geskiedenis nie maar op die genade van God wat in Christus geopenbaar is.

Die genade dat God hulle gebruik – in die ou verbond om die pad vir die koms van Christus reg te maak, in die nuwe verbond om die Koninkryk van Christus te help bou, om die rykdom van die genade van God in Christus te mag verkondig, uit-te-leef. ‘n Groot gevaar van die ‘kinderbybels’ is dat ‘n Bybelpersoon-as-mens daarin al die aandag kry en dat daarvandaan is-gelyk-aan lyne deurgetrek word na die luisteraar vandag toe. Byvoorbeeld Samuel as kind in die tabernakel of Josef in die huis van Potifar – die kind wat luister moet nou ‘n klein Samueltjie of tiener-Josef wees, die onvrugbare (getroude) vrou moet ‘n biddende Hanna word. Dat dit wel probleme kan oplewer sien ons al in die tent van vader Abram waar hy verskillende kere met leeuens

ander onder die toorn van God laat kom en in sy kleinseun Jakob ‘n gedugte navolger gekry het. Wat Josef betref was hy as jongman of seun pappie se witbroodjie en ‘n onuitstaanbare bederfde brokkie wat dit geniet het om ‘n nuusdraer te wees. Om by Josef te bly, kan ons met kleurvolle strepe die goddelose broers afskilder ( al het ons groot simpatie met hulle getergde en beproefde geduld ) en dat Josef op God bou en deur God verlos word maar daar moet by kom – soos dit in die Skrif staan – dat God alles in al daardie 93 jaar vanaf sy verkoop as slaaf tot sy dood toe juis beskik het ‘om ‘n groot volk in die lewe te hou’ Gen 50:20. Van die begin af gaan dit dus oor God en God se volk en dan is Josef ‘slegs’ ‘n instrument. Dit gaan nie in die heilige Skrif oor ‘n bepaalde persoon met sy werk en sy verkeerde sondige dae en sy geloof en wat ook al van hom of haar – dit gaan oor God en Sy verlossingswerk in die geskiedenis deur die eeue. Dit gaan van begin tot end oor God. Juis Calvyn het dit so duidelik raakgesien dat alles in ons lewe en die hele doel van ons lewe die eer van God is. Miskien juis daarom dat hy so aangeval en bespot word in ‘n tyd van vergoddeliking van die ‘mondige’ – eerder grootbekkige – mens met al sy soorte ‘regte!!’

Van die skepping af het God met die mens ‘n verbond gesluit en *daarin* is daar natuurlik van ‘regte’ sprake. Die oorsprong, die begin, van verbondsluiting is by God. In daardie verbond het God vir die mens ‘regte’ gegee. Hy leer die mens verbondstrou en –liefde.

Van die vroegste begin af het God die verbond gegee. Hosea stel dit “hulle het soos Adam die verbond oortree’ 6:7 Al was die woord ‘verbond’ nog nie uitgespel nie was al die noodsaaklike elemente daarvan aanwesig: belofte, eis, vloekdreigement, insluiting van nakomelinge. Die mens het ‘n mandaat gekry om die paradystuin te bewerk en te bewaak. Die mens geskape na die beeld van God waardeur hy onmiddellik al in ‘n verbondsverhouding met God geleef het, iets wat geen dier of engel het nie. Daar is dan ook ‘n geweldige verskil tussen die diens aan God van die mens en die engele. By

die mens geskape na die beeld van God is dit beeld-diens, beeld-kennis. Vir die mens is daar geen godsdiens denkbaar behalwe as verbondsdienst.

En dan lees ons Genesis 2:16,17. Sover ons uit die Skrif weet was dit die tweede keer dat God die mens 'n openbaring gee, die eerste was met betrekking tot sy werksroeping in die tuin. Nou lees ons uitdruklik dat die HERE God met die mens gepraat het. Duidelik hoorbaar *gepraat* het want satan het dit ook gehoor. Met dit wat die HERE sê plaas Hy die mens onder die verbond met sy twee kante van belofte en eis/dreiging. Die reeds bestaande verbond was nou openlik afgekondig. Die HERE sê nie uitdruklik dat Hy die verbond oprig soos Hy dit later vir Noag of Abram sê nie- die rede sal wel wees dat die HERE Hom aansluit by die peil van die kennis wat die mens het. Abram het byvoorbeeld goed geweet wat verbondsluiting beteken en wat plaasvind want dit was algemene gebruik. Dit is ook duidelik uit die feit dat die HERE by daardie verbondsluiting geen verduideliking gee oor die rokende oond en vurige fakkel wat tussen die geslagte offerdiere deurgaan nie Gen 15.

In die verbond in die paradys het die *wet* 'n oorheersende rol gespeel. Die mens mag van alles eet wat die HERE hom/haar gee maar dan ook dit wat God aangewys het, geen vrye keuse nie maar die volg van God se keuse. In daardie rykdom van keuse is daar egter een uitsondering, 'n uitsondering ten opsigte van een gewone, willekeurige boom waarvan die mens nie mag eet nie. Natuurlik was daar opsigself niks met die eet van daardie boom verkeerd nie – dit het egter verkeerd geword omdat die HERE dit verbied het. Die mens het onder die geopenbaarde wil van God gestaan, hy was nie sy eie baas nie. Dit het alles om gehoorsaamheid gedraai. Die mens is op die proef gestel of hy die absolute soewereiniteit van God in deeglike bewustheid wil erken en onvoorwaardelik daarvoor wil buig en God van harte wil dien. Die mens wou nie. Nou val die mens onder die vloekdreiging van die verbond terwyl hy geweet het van die dreiging dat hy dan die ewige lewe sou verloor



– 3:22. Die mens het ‘n suiwer profetiese denke en kennis besit van daardie wêreld waar hy geen deel van was nie. Hy het geweet van demone want hoekom moet hy anders die tuin ‘bewaak’? Na die sondeval herken hy die gérubs. Die heerlijkheid van die lewe in die paradys onder die guns van God was ondenkbaar heerliker as wat ons ons kan indink.

Die verbond was ‘n regssooreenkoms tussen God en die mens. Daar was geen sprake van dat die mens God se ‘vriend’, God se ‘beminde kind’ is nie. God gee die verbond van Sy kant af en die mens is volkome daaraan ondergeskik. Maar nou gaan God verder en Hy roep die mens as die ‘ander party’ in daardie verbond en gee Hy die mens daarin verbondsregte. Sterker nog Hy bind die mens aan die verbond maar Hy bind *Homself* ook aan die verbondsregte. Die mens kan op Hom bou want Hy is trou aan Sy verbond. ‘n Roerende voorbeeld daarvan sien ons in Eksodus 32 waar God die volk by die dien van die goue kalf wil vernietig om Moses ‘n groot volk te maak. Moses egter pleit op die verbondstrou van die HERE, hy beroep hom op die beloftes aan Abraham en gebruik dit as wapen teen God se toorn.

Daar is dus lewe in die verbondsverhouding. Waar die regsverhouding bestaan kom ook die lewende liefdesverhouding, die Skrif praat dan ook dikwels van die verbond van God met Sy volk as van ‘n huweliksverbond. Hy noem Homself die Man en Sy volk die vrou Jes 54:5,6 ; Hos 2: 15; 3:3 ; Es 16:8 en die verbondsbreuk dan hoerery en owerspel Jer 3:8,9 ; Es 16:32. Soos ‘n huwelik ‘n regssooreenkoms en ‘n lewenslange liefdeslewe is, so is die verbond van God met die mens. Die HERE daal in daardie verbond af na die mens toe en dit het die duidelikste werklikheid geword in die koms van ons Here Jesus Christus, die Seun wat ons vlees aangeneem het en een van ons geword het. Die Man wat daaglik met die dissipels geleef het, saam met hulle ge-eet en gedrink het, Wie se woorde hulle elke dag kon hoor, Wie hulle kon voel en sien, was God.

‘n Ander aspek van die verbond is dat dit nie een mens insluit nie maar mét hom sy nageslag. Adam was verbondshoof. Uit hom sou God manninne Eva formeer en uit hulle huwelik sou die hele mensheid voortkom. Onderhouding van God se verbond sou ongekende seën vir almal ingehou het. Verbreking van die verbond het ongekende straf gebring oor almal wat in die verbond ingesluit was. As ons nou tipies menslik sou wil gaan wonder oor wat sou kon gewees het dan kan ons dink dat as net Eva gesondig het, sou sy die straf ondergaan het maar nie die hele mensheid van alle eeue nie. Die val van Adam was egter vir elke mens beslissend want hy het gesondig as vader en hoof, as verbondshoof in wie die geboorte van alle mense opgesluit was.

Nou praat ons dikwels van ‘n ‘werk-verbond’ in die paradys om daarmee die ‘genade-verbond’ van later te onderskei. Daar is baie kritiek teen die benaming ‘werk-verbond’ maar ‘n ellende met teoloë is dat dikwels probleme opgetower word wat ons as gewone gelowiges nou nie so erg raak nie. Natuurlik kan ‘werk-verbond’ nooit beteken dat die mens die ewige lewe deur gehoorsaamheid kan *verdien* nie. Hoe kan ‘n mens in die paradys of later ooit ‘n werk doen wat in gelyke waarde as God se werk is en deur God as sodanig beloon moet word? God het die verbond van Sy kant af eensydig ingestel uit Sy vrymagtige genade. So kan die mens maar net pleit op dit wat die HERE beloof het in Sy Goddelike goedheid sonder dat HY enigsins vir iets verplig was. God het die ooreenkoms opgestel, begin, Hy stel voorwaardes, Hy stel die eise, God bepaal die toekoms van die mens as beloning op sy gehoorsaamheid. As die mens dus gehoorsaam sou gebly het, sou God die ewige lewe nie gegee het op grond van daardie gehoorsaamheid nie maar op grond van Sy beloftewoord. Omdat die HERE dit so bepaal het, sou die mens daardie lewe ontvang het. Dit kom dus daarop neer dat die gehoorsaamheid van die mens die *pad* sou wees, die *middel* waardeur, die *manier* waarop daardie lewe ontvang sou word en *nooit sou gehoorsaamheid die rede wees waarom die lewe ontvang sou word nie*. Dieselfde soos vandag

die *geloof* nie die grònd vir die ewige lewe is nie maar die middel – waardeur – dit be-erf word. By ons Here Jesus Christus was dit alles natuurlik totaal anders. Hy het daardie ewige lewe vir ons *verdien op grond van Sy gehoorsaamheid* deur die dood aan die kruis. Net en alleen by Hom is daar sprake van *verdien*.

Adam het die verbond verbreek, ongedaan gemaak. Maar God se verbond is ‘n ewige verbond. Hy het dit herstel in die stuur van Sy Eniggebore Seun, hierdie Tweede Adam wat aan God se gehoorsaamheid volkome voldoen het. Van die begin van Sy ampswerk is Hy deur satan beproef, versoek, maar Hy het gehoorsaam gebly. Deur alles heen het Hy op Golgota die volle konsekwensies van die *vloek-van-die-paradys* gedra toe Hy die ewige dood met liggaam en siel ingegaan het waar Hy deur God verlaat was. Deur Sy Goddelike krag kon Hy die regverdige straf van God oor alle mense, dra en wegdra sonder om ewig daaronder te moet bly lê. So het Hy die verbond gehou en aan God al die verskuldigde eer gegee en Self by Sy hemelvaart die saligheid van die ewige lewe ontvang.

Christus word die Middelaar van die verbond genoem, Hy het die verbond herstel as Middelaar tussen God en mens. Teenoor die werk-verbond word dit nou die *genade-verbond* genoem of ook wel vredesverbond Jes 54:10 , Es 34 : 25 en 37 : 26.

God het die ‘werk-verbond’ dus nie afgeskaf en iets anders in sy plek gegee nie maar deur die Middelaar het Hy die verbond herstel maar daardeur ook die *karakter* van die verbond verander. Dit *was* ‘n verbond waardeur die mens die ewige lewe sou ontvang langs die pad van sy volstreekte gehoorsaamheid, nou het dit weens Christus se versoeningswerk ‘n verbond geword op grond waarvan die mens die ewige lewe ontvang *uit genade alleen* deur middel van die geloof in Christus..

In kort volg hieruit dat nie meer die Wet op die voorgrond is nie maar die *belofte en dit is nog altyd die belofte van die ewige lewe*. Die eis van

volstrekte gehoorsaamheid aan al die gebooie van die HERE het verander in die *eis van die geloof in die Here Jesus Christus*. Die geloof wat as ‘n genadegawe van God deur God vir ons gegee word is die pad waarlangs, die middel waardeur die lewe ontvang word. As ons in Christus is dan word Sy verbondstrou vir ons toegereken asof ons die geregtigheid self volbring het, self die verbond gehou het, self die lewe verdien het. Alleen deur die geloof is ons in Christus ingelyf. Die herstelde verbond bly ook die karakter behou van die inklusiwiteit, die verbond met *ons en ons nakomelingskap of saad*. Die kinders van verbondsouers is outomaties in die verbond opgeneem. Iets daarvan is vergelykbaar met die burgerskap, die kind van Suid Afrikaanse ouers ontvang outomaties dieselfde burgerskap. Vir die verbondskind is die verbondsooreenkoms, die verbondsverhouding die pad na die ewige lewe, alleen deur die geloof in Christus. Die verbond gee ook die troos aan gelowige ouers wie se klein kinders sterf dat hulle in die saligheid opgeneem is as verbondskinders wat deel het aan God se heerlike verbondsbeloftes. Aan die ander kant bly ook natuurlik die moontlikheid van die verbondsbreuk, die skend en verbreek van die verbond deur die mens, die verbondskind. Op elke verbondskind wat in ongeloof verval en daarin verhard kom die volle krag van die verbondsvloek tereg.

Opsommend : daar is geen bewuste gemeenskap met God moontlik behalwe in die verbondsverhouding tussen God en mens. Buitekant die verbond het ons geen ‘regte’ nie, is ons regteloos en is daar geen sprake van ‘n lewende verhouding met God nie.

Betekend dit nou dat die Samaritane geen moontlikheid gehad het om in die verbond opgeneem te word? Was dit hermeties toegesluit behalwe vir hulle wat weens geboorte in die verbond was – en dan nogal van beide ouers se kant want ons sien later dat die vreemde vrouens en hulle kinders weggestuur word- dus ras- en bloedsuiwer? Nee. Selfs in die Ou Testamentiese tyd was dit moontlik om langs die pad van die geloof in die verbondsgemeente

opgeneem te word. Die duidelikste voorbeeld is Rut ( sien bv. my werkie ‘Sewentig maal sewe’). In die Nuwe Testament sien ons duidelik dat die Here Jesus Christus gedurig die erkenning van die verbond wil hê en dan help. In die geskiedenis van die genesing van die slaaf van die hoofman oor honderd sê daardie vooraanstaande Romeinse amptenaar dat hy as heiden nie werd is dat die Here Jesus in sy huis kom nie – as hy dan so die verbond erken, dan help die Here Jesus en betuig Hy selfs dat Hy selfs in Israel, in die verbondsvolk, nie so ‘n groot geloof gevind het nie. Dieselfde in die geskiedenis van die Kananése vrou – as sy erken dat die hondjies geen reg het op die kos van die kindertjies nie, help Christus Mt 15. As Christus daardie erkenning vra, wie is ons om dit nie te doen nie? Hulle wat binne die verbond gebore is moet dit dankbaar as genadeweldaad verstaan en buig onder die wil van die God wat roep en wat verkies. Die wat buitekant die verbond gebore is, moet die verbond erken en eer en jaloers daarop word sodat hulle daarin opgeneem kan word. Dit plaas elke gelowige voor die kernvraag of ander jaloers word op ‘n lewe in die verbond?

.....

In die lig van die verbond en deurdat die geskiedenis bitter-baie bitter lesse opgelewer het weens die sonde van ‘n menggodsdien en die verbonds-wraak en verbondsvloek daaroor, wys die leiers die aanbod van hulp af. Ek lê nadruk op die feit dat die ‘leiers’ dit so besluit het, want dit wil voorkom asof ‘n aansienlike deel van die volk dit nou nie juis ‘n verstandige besluit gevind het nie. Dit is veral hulle wat dan ook slap handjies en bewende knieë gekry het toe die Samaritane hulle ware kleur gewys het en op allerlei maniere die werk aan die tempelherbou gesaboteer het.

Omdat ons *in* die wêreld leef is dit onmoontlik dat ons nie deur die *tydsgees* geroer en soms aangesteek word nie. Halfhartigheid en halfslagtigheid is wat die klok slaan op die christelike terrein. Daar moet ge-opende deure wees na

almal toe. Apartheid op godsdienstige terrein is 'n sonde, daar mag in elk geval geen apartheid meer wees nie, geen wit-of-swart- nie net 'n heerlike reënboog van ...grys. Dan is dit nie 'n verskrikking van verkrampte liefdelose hooghartige optrede as die Roomse pous in hierdie so gevorderde eeue van medemenslikheid sê dat net sy 'kerk' die ware kerk is en al die ander – met inbegrip van die Anglikaanse kerk – nie werklik 'kerke' is nie. Dit is 'n eerlike rondborstige uitspraak – al bots dit met baie ander uitsprake en optredes van die Roomse hiërargie veral teenoor die anti-christelike mohammedanisme. Ons tyd het mense nodig wat eerlik vir hulle mening kan uitkom. Daarom is dit so jammer dat ons so selde hoor dat die Kerk waarin die HERE ons geplaas het die enigste ware Kerk is volgens ons eie belydenisgeskrifte en ondanks al die sondige daarin. By elke meerdere kerklike vergadering roep ons dan ook in ons 'Openlike verklaring' almal op om saam met ons die HERE Here te dien en te prys. Dit is ongehoord dat daar stemme in die christendom opgaan om saam met Mohammedane of Boediste of ander heidene 'n 'godheid of godhede' te aanbid. 'Godhede' en nie gode nie – klink dit dan beter? Onder die sogenaamde Afrikaanse 'susterskerke' kom daar blykbaar ook nie veel van 'n eenheid nie alhoewel ons op papier dieselfde belydenisgeskrifte het. Dan is dit onverstaanbaar dat die 'president' van die Apostoliese Geloofsending onlangs kon sê dat hy in daardie betrokke jaar meer in Nederduits Gereformeerde gemeentes gepreek het as in sy eie geloofsgemeenskap. Die AGS is nie eers deel van die Protestantisme nie. Hoe in vredesnaam kan ons ooit met die NGK oor eenheid wil praat as daar onder hulleself nie eers sprake van is nie. In die suiwere Kerk is die nagmaalstafel en die preekstoel nie oop nie. Daar is Skriftuurlike reëls wat deur die eeue gehandhaaf word.

Die Jode in Jerusalem *kon* eenvoudig nie anders nie as om die aanhangers van 'n menggodsdienst se hulp aanbieding van die hand te wys nie. Israel het die roeping ontvang om juis die godsdienst absoluut suiwer te hou. Alleen dan

kon hulle die Godgegewe roeping uitvoer. Uit hulle moes juis die Verlosser van die hele wêreld gebore word. Die duiwelse versoeking van die kant van die Samaritane het Israel afgeslaan maar toe daarop die beproewing kom van sabotasie en allerlei teëwerking, toe is hulle geloof nie daarteen bestand nie.

Soos maar altyd in die politiek van die wêreld – en hopelik net daar – is gekonkel ‘n bedryf wat ‘diplomاسie’ genoem word en omkoperij het ook wonderlike eufemismes. In elk geval is dit presies wat die Samaritane ingespan het en so is die hulp van die kant van die konings van Persië teruggetrek tot die tweede regeringsjaar van koning Darius. Van die herstel van die tempel het niks gekom nie maar al lê hier in Esra die klem op die teëwerking van die Samaritane, die profeet Haggai wys in vyf preke veral op die geestelike doodsheid en die gejaag na persoonlike rykdom en gerief. Keer op keer roep hy die volk op om goed na te dink oor wat met hulle gebeur het die afgelope 16 jaar. Die tempel se fundamente was gelê, die altaar herbou en rook nou weer elke dag presies soos voorgeskryf in die Wet wat Moses van die HERE ontvang het, die HERE kry dus wat Hy moet hê en hulle bly nou uiteindelik weer in die Beloofde Land en doen wat die HERE verwag en nou is dit dus tyd dat die HERE Sy verdere beloftes maar moet laat uitkom en dat hulle nou ‘n keer vir hulleself moet sorg met die bou van hulle eie huise en besighede en ... en....

Maar hulle moet bietjie hulle oë oopmaak en goed kyk na dit wat die laaste 16 jaar met hulle gebeur het... baie is gesaai maar bitter min geoes, baie van daardie oes geëet maar die kwaliteit was so swak dat hulle nie versadig geraak het nie, baie gedrink maar dors gebly, klere aangetrek maar die

kwaliteit was so dunnetjies dat hulle nie warm kon raak nie. Die hele ekonomie het platgeval soos 'n pannekoek en dit alles omdat hulle nie God die verskuldigde eer gebring het nie, die tempel nie herbou het nie maar gespook het om hulle eie luukse huise te bou. Vyf keer roep die profeet Haggai die volk op 'gee ag op wat julle wederveraar het..' Toets julleself en julle lewe aan die Woord van die HERE, beproef julle hart en lewe aan die Wet van God. As dit met die hart, met die verhouding met die Here nie reg is nie dan help allerlei godsdienstige gewerskaf en offers niks nie want dan is jy onrein en word alles wat jy aanraak onrein in die oë van die Allerheiligste. Die profeet het opgeroep tot bekering en heerlike verbondsbeloftes gegee terwille van Jesus Christus wat uit die volk van ballinge moes voortkom.

Die leiers het in beginselvastheid die aanbod van die Samaritane se hulp afgewys want hulle wou geen menggodsdienste nie maar suiwer dienste aan die HERE. Die beginselvastheid was moontlik nie so sterk by die res van die volk nie maar in elk geval was daar geen warm lewendige verhouding met die troue Verbondsgod nie.

As daar 'n lewendige geloof en verbondsverhouding was gepaard met dankbaarheid teenoor die HERE vir die terugkeer, dan sou in Godsvertroue en geloof die herbou volgehou wees. Nou het alles bly lê vs 24 en God se seën weggebly.

Wanneer ons hoop om die heilige nagmaal te vier word ons opgeroep om ons in die lig van die Heilige Skrif te beproef of die lewende geloof in ons is. Leef ons as geheiligdes dus



apart as gevolg van ons liefde vir die HERE en so vir mekaar? Dan is die tafel oop om daaraan in die geloof versterk te word.

### 'n VOORUITBLIK OP DIE SAMARITANE SE VYANDSKAP

#### ESRA 4 : 6 - 23

Die skrywer wil nou nie net so nou en dan in die verbygaan gedurig wys op die vyandige optrede van die Samaritane deur die jare nie, maar sommer nou in een keer dit behandel. Nou word oor die tyd van koning Artasasta geskryf. Dit was 'n tydstip toe die tempel al klaar gebou was en gryp dus sommer 'n 70 of 80 jaar vooruit. Uit vers 12 sien ons dat 'n volgende groep Jode met die goedkeuring van die koning in Jerusalem aangekom het. Dit moet die groep wees wat onder leiding van die priester Esra die trek aangedurf het. Ons sal later lees met watter ywer en geloofskrag maar veral geloofsgehoorsaamheid Esra daar in Jerusalem gewerk het. Hy het toe ook die hervorming van die kerkvolk aangepak en deel daarvan was die be-eindiging van die huwelikke van die Joodse mans met heidense vrouens van die Samaritane en ander vreemde volke. Deur daardie gemengde huwelikke is Israel stadig maar seker ingesluk deur die heidendom. Uit hierdie optrede van die Joodse volk sien die Samaritane dat die Jode se optrede nog niks positiewer teenoor hulle is as in die dae toe hulle aangebied het om met die tempelbou te help nie. Daarom stuur hulle nou maar weer klagskrifte na die koning oor hierdie Jode wat gehate indringers is. Hulle

kom natuurlik nie met die werklike besware na die koning toe nie want hulle weet dat die koning nie in die minste daarin sal belangstel nie want Esra is dan nogal die koning se beskermeling.

Die beskuldigings van die Samaritane is slim bewoord en heel polities gestel en dan ook uiteraard so geplooi dat hulle eie saak versterk word en dan is halwe en verdraaide waarhede weggesteek onder 'n sousie wat diplomatie genoem word. Van die sondeval tot vandag toe sien ons presies dieselfde. Die hart van die mens is en bly sleg en verderflik solank dit nie tot bekering gebring word nie. Ook in hierdie geval is halwe waarhede nog gevaarliker as blatante leuens.

Die koning word gewys op die opstandige geaardheid van die Jode. Esra het nou begin om die stadsmure te herstel – die tempel was klaar en die mure was nou aan die beurt. In die uitgestrekte Persiese Ryk was daar egter na die dood van Darius, soos gewoonlik met 'n verandering van heerser, nog baie onrus. Daar was ook, weer, opstand in Egipte en nou word Jerusalem weer 'n vestingstad as die poorte en mure herstel is. Die Samaritane wys op die gevaar vir die koning se skatkis as Jerusalem weer sterk is en die Jode hulle ou laai van opstandigheid weer uithaal, dan kan die koning maar vergeet van die belastings wat hom toekom. Hulle as lojale onderdane van die koning waarsku die koning en wys hom daarop dat hy gerus in sy voorgangers se annale kan laat oplees watter opstandelinge hierdie gevaarlike Jode is.

Dit is dan ook presies wat die koning laat doen en dan gee hy, wat Esra self so goed ken, tog opdrag dat die herbou van die mure onmiddellik gestaak moet word 'totdat ' 'n ander bevel gegee sal word. In hierdie 'totdat' hoor die bannelinge in elk geval wel nog 'n moontlikheid.

Die Samaritane het met uitbundigheid die brief gelees en soos die wind na Jerusalem gejaag en met mag en geweld die werk tot stilstand gedwing. Al het die koning dit glad nie beveel nie het hulle volgens Nehemia 1:3 alles wat reeds gebou was ook weer vernietig en verbrand.

Opvallend is dat die Jode ondanks al die vyandskap en onderlangse gekonkel self hulle geloofsideale gelowig gehandhaaf het, die owerheid wat God oor hulle gestel het, eerbiedig en gehoorsaam het, en onder-tussen die wetlike kanale gebruik het om mettertyd tog toestemming te kry om die Godgegewe roeping uit te voer.

#### DIE BOU VAN DIE TEMPEL WORD HERVAT 4 : 24 - 6 : 12

Vir 'n sestien jaar lank was daar maar nie veel aktiwiteit op die kerklike terrein nie en hier dan ook letterlik op die 'kerk'terrein nie. Die tempelfondamente was gelê en, gelukkig, het die offerrook elke dag van die altaar af opgestyg as 'n lieflike geur vir die HERE, maar verder het die goeie gemeente dit maar rustig bly neem tenminste wat die roeping vir die herbou van die tempel betref. Met hulle eie huisbouwerk was dit totaal anders. Die profeet Haggai strem hulle met sy aanklagte in die Naam van die HERE dat hulleself in pragtige huise woon en vroompies onder mekaar

sê dat dit 'nie nou die tyd is om die tempel te herbou nie..' En terwyl hulle dit sê is hulle blind vir die oordeelsbeprowings wat die HERE oor hulle laat kom met swak oeste, minderwaardige voedsel wat nie versadig nie en materiale wat geen warmte verskaf teen die koue nie. Saam met sy kollega-profeet Sagaria het Haggai vir die volk in die Naam van die God van Israel geprofeteer en die volk gewys op die Godgegewe roeping om die tempel te herbou. Die Gees het hulle bekwaam gemaak en Serubbabel die regeringsvertegenwoordiger sowel as Jesua die hoëpriester spring weer entoesiasies aan die werk en dit is aansteeklik sodat die volk ook weer die herbou hervat.

In daardie tyd het die Persiese goewerneur van die hele Wes Eufraat-provinsie 'n inspeksiereis deur sy gebied gehou. Natuurlik het die Samaritane nie stilgesit of stilgebly nie en gou-gou die Jode daarvan beskuldig dat hulle besig is om die tempel te herbou. 'n Tempel wat in daardie tyd ook as 'n versterkte vesting kon diens doen en in elk geval die wapenopslagplek vir 'n bepaalde gebied was. Interessant dat die 'Rooi Moskee' in Islamabad met sy Madrasse en woningkompleks ook as 'n vesting vervorm is deur die militante fundamentalistiese moslems sodat dit die wettige regering se soldate daelank geneem het om dit te verower.

Dit was nog maar in die beginjare van Darius se heerskappy en die hele ou wêreld het nog op sy kop gestaan na die dood van sy voorganger. Daarom is dit logies dat die gouewerneur maar wantrouig was oor die bou van so 'n groot klipgebou so naby die onrustige Egipte. Tog was Tattenai iemand wat die

indruk gee van 'n regverdige en, vir 'n heidense regeerder, 'n simpatieke man. Hy luister na rede en gee 'n onverwags redelike uitspraak. Per slot van rekening was dit slegs die koning self wat toestemming kon gee vir die bou van 'n tempel, iemand anders kon op die manier die indruk skep dat hy die mag van die koning wil saboteer. Nadat die goewerneur gevra het wie die Jode toestemming gegee het en nadat hy nagegaan het wie die leiers onder die bouers is, gee hy toestemming om met die herstelwerk aan te gaan totdat die koning laat ondersoek instel het of dit inderdaad koning Kores se opdrag was om die tempel te herbou en totdat die koning besluit wat gedoen moet word insake die tempelherbou.

Roerend mooi is Tabeël se belydenis teenoor die Persiese verteenwoordiger van die heerser van die wêreldryk dat 'God 'n oog gehou het oor die leiers van die Jode'. Hy bely dat die HERE Here ook die besluite van die wêreldgroties lei en in hierdie geval dan ook wanneer die eer van Hom en Sy huis daarmee gemoeid is.

Gouverneur Tattenai stuur gevolglik sy brief en rapport na koning Darius. Nogal interessant dat Tattenai heelwat positiewer oordeel oor die joodse boukuns as die moderne argeoloë... Op die vraag na die bevoegdheid vir die bouwerk antwoord die Jode met drie outoriteite. Eerstens gee hulle God daardie outoriteit, hulle noem nie Sy Naam nie, maar dui Hom aan as die 'God van hemel en aarde'. In die ore van 'n heiden in daardie tyd het dit geklink na 'die alles-beheersende, die alles-omvattende'. Dit moes vir Tattenai

seker 'n verrassing gewees het om nie die naam van 'n aardse koning eerste te hoor nie maar die allerhoogste Outoriteit. In die tweede plek beroep hulle hulle op die tradisie, vanouds het hier 'n tempel gestaan wat gebou was deur iemand wat daardie bevoegdheid besit het naamlik die groot koning Salomo. Maar dan gaan die Jode verder deur nie net te sê dat die tempel verwoes is nie maar dat die rede juis was omdat hulle voorvaders die God van die hemel vertoorn het en Hy het volk en tempel oorgegee in die hand van Nebukadnesar wat die tempel verwoes en die volk weggevoer het. Die derde outoriteit is die bevel van die huidige heerser se voorganger, koning Kores wat nie alleen toestemming gegee het vir die tempelherbou nie maar ook die tempelskatte uit die tempel in Babel teruggegee het.

Dat die Jode beweer dat van die lê van die fondasie tot nou toe gebou is, is nou wel nie letterlik waar nie maar die bedoeling is om te wys op die wettige van die voortsetting van die herbou op grond van koning Kores se toestemming.

Deur alles heen sien ons die leidende en bewarende Hand van die HERE wat ook die harte van die groottes van hierdie wêreld soos botter en klei in Sy Hand hou.

Koning Darius gee bevel om in die argiewe te soek na 'n derglike proklamasie van koning Kores en dit word wel nie in Babel gevind nie maar in die argiewe in een van die twee somerresidensies Agmeta. Dit is verstommend hoe goed die vervoer- en poswese asook die diplomatieke pos gewerk het, om nie van die uitstekende eeueoue argiewe te praat nie.

Dit moet die Jode se stoutste verwagtings seker oortref het dat by die opsporing van die proklamasie van Kores koning Darius nie alleen daardie toestemming vir die herbou bekragtig nie maar selfs baie verder gaan deur te bepaal dat die boukoste uit die staatskas vergoed moet word terwyl al die lopende koste van al die soorte daaglikse offers ook deur die staat gedra moet word. Aan die ander kant beklemtoon dit ook die bitter armoede wat die Jode nou beleef – in die eerste tyd kon hulle met eie middels nog baie doen, dit het nou baie slegter geraak vgl ook Haggai 1:6 , 10. Hierdie optrede van koning Darius was egter heel in lyn met die houding van die Perse teenoor godsdiens. Die laaste koning van die Babiloniërs was Nabuna'id wat meer in godsdiens as in die regering belanggestel het. Hy het die lewenslig aanskou in die noordelike stad Haran waar die maangod Sin veral vereer is. Daarom het hy nie juis ooghare vir die Babiloniërs se tradisionele god Mardoek gehad nie en die verwaarlosing van sy verering en sodoende die staatsgodsdiens het die bevolking van Babel baie omgekrap. Veral die groot aantal Mardoekpriesters in Babel was ontevrede en opstandig en netso vyandig teenoor die koning se seun Belsassar wat as goewerneur in Babel gewoon het terwyl sy pa verweg in die Arabiese woestyn gaan woon het. Die vyandigheid van die bevolking teenoor die ketterse koning wat die staatsgod verneder, was een van die redes hoekom Babel sonder slag of stoot geval het.

Van koning Kores is 'n kleisilinder met inskripsies gevind waarin Kores sê dat hy juis danksy Mardoek sy wêreldryk kon

stig. Opvallend dat selfs die heiden die wêreldgeskiedenis al sien as 'n religieuse gebeure. Op daardie silinder lees ons: '...toe het Mardoek die naam van Kores uitgespreek.. sodat hy heerser sou word oor die hele wêreld.... Sonder enige stryd het hy (Mardoek) hom sy stad laat binnetrek om daarmee Babel te spaar vir enige onheil. Hy het Nabuna'id in sy hande gegee, die koning wat hom (Mardoek) nie vereer het nie.... Al die inwoners van Babel het voor hom (Kores) neergebuig en sy voete gesoen.. met blydskap het hulle hom begroet as hulle heer deur wie se hulp hulle van dood weer lewend geword het .... Toe ek (Kores) as vriend Babel ingetrek het en onder gejubel en vreugde op die heerserstroon gaan sit het in die koninklike paleis, toe het Mardoek, die magtige heerser, die edelmoedige bewoners van Babel beweeg om my lief te hê. En ek het my ingespan om hom daaglik te vereer..... Na die heilige stede anderkant die Tigris, na die heiligdomme wat lankal verwoes was, het ek die beelde wat daarin tuisbehoort het, laat terugbring en ek het vir hulle permanente heiligdomme laat bou. Ook het ek al die inwoners bymekaar laat bring en hulle laat terugkeer na hulle woonplekke..' (uit J.H. Negenman - De Bakermat v.d. Bybel). Hierdie begaafde politikus het ballinge dus die geleentheid gebied om terug te keer na hulle geboortelande. Hy wou nie 'n onderdrukkende besetter nie maar eerder 'n vriend wees. Opmerklik. Nog opmerkliker was sy respek vir plaaslike of streeksgodsdienste. Hy vereer dan selfs gode van ander volke soos Mardoek. Ook vir sy opvolgers was dit dieselfde, hulle het plaaslike gode gesien



as verteenwoordigers van hulle god Ahura-Mazda, die wyse heerser, die god van die lig. Teenoor hom het Ahriman gestaan, die god wat alle kwaad veroorsaak het. Weens hierdie houding het die meeste volke Kores dan ook met oop arms ontvang. Kores se politiek het egter glad nie beteken dat enige volk sy selfstandigheid sou terugkry nie, hulle het selfs baie beter toesig oor al die dele van die uitgestrekte ryk gehou as die Assiriërs en Babiloniërs. Veral koning Darius het in sy regering van 36 jaar baie verrig en selfs 'n uitstekende pad-en posstelsel ontwikkel. Die koninklike pad van Susa in Persië tot by Efese in Klein Asië reg teenoor Griekeland, was 2500 kilometer lank! Sodoende kon bevele van die koning baie vinnig dwarsdeur die uitgestrekte ryk versprei word.

In die ou ooste was die godsdiens in elk geval beskou as onderdeel van die regering en die staatsdiens. Daarom was tempelbou en tempeldiens deel van die werksaamhede van die 'departement van godsdienstige sake' met die koning as 'seun van die godheid' verantwoordelik vir die welsyn van die god of gode wat immers nie sonder gereëldes offers kon oorleef nie.

Die mate wat vir die tempel aangegee word is vir die breedte en die hoogte, die lengte word nie genoem nie. Die oorspronklike tempel van Salomo was 15 meter hoog, hierdie tempel moet 30 meter hoog word! Vir ons gevoel was die mure geweldig dik maar in 'n huis in Sigem is mure van 5,3 meter gevind.

Nou moet ons goed onthou dat koning Darius se optrede nou nie uit geloof of goedheid voortgekom het nie. Die hele

erediens in Jerusalem moes sorg dat Darius en sy gesin deur God as een van die talle gode in die wêreld geseën sou word. Alles draai net om homself en die belang van die staat en daarom 'n eindelose reeks van formuliergebede in alle tempels en onophoudelike offers. Dieselfde sien ons dwarsdeur die Ou Ooste - selfs die Jode in Elefantine in Egipte beloof vir die Persiese stadhouer dat hulle vir hom en sy gesin sal offer en bid as hy toestemming gee dat die tempel herbou word. In die brief wat Jeremia , in opdrag van die HERE aan die ballinge in Babel stuur lees ons in 29:7 : .. en soek die vrede van die stad waarheen Ek julle in ballingskap weggevoer het, en bid daarvoor tot die HERE; want in die vrede daarvan sal julle vrede hê.'

Darius vra dus nou ook voorbede vir hom en sy gesin. In 'n mate ontvang Israel nou weer die eer om 'n priestervolk te wees wat moet bid vir die welsyn van die hele wêreld maar, en dit is 'n duidelike opdrag vir die Nuwe Israel in 1 Tim 2:2, veral vir almal wat oor ons gestel is. Die koning onderstreep die erns van sy bevel met gruwelik bloedige dreigemente waar onder die 'spietsing', 'n baie bekende manier van teregstelling onder die Perse waar die slagoffer op 'n skerpgemaakte paal geplaas word waardeur sy eie gewig hom al hoe dieper daarin laat sak en hy stadig sterf.

### INWYDING VAN DIE TEMPEL 6 : 13 - 18

Die so positiewe bevel van koning Darius gee nog meer entoesiasme vir die tempelbou en uiteindelik is die werk

voltooi. Tabeël lê in sy brief aan die koning baie nadruk op die werk van die profete Haggai en Sagaria maar daardie twee profete wei in hulle profesieë nie eers 'n woord van waardering op die houding van Darius nie. Omdat dit uiteraard ou nuus sou wees vir die kerkvolk maar veral omdat dit nie van belang was in die heilsgeskiedenis nie, die profete moes beklemtoon dat dit die HERE was wat alles veroorsaak en gelei het. Die heidense koning Kores het in sy 'stele' (pilaar) bely dat Mardoek die oorwinning en die goeie gesindheid van die volk bewerk het, hy bely dat die godheid die geskiedenis maak - hoe moeilik is dit vir God se eie volk deur die eeue om werklik te glo wat ons met die mond bely. Ons sien dat die offers by die inwyding maar baie beskeie was weens die armoede. Die sondoffers het as inwydingsoffers die oorgang van die wêreldse na die heilige lewensvorm aangewys vgl Lev 9:3 e.v. Beskeie weens die armoede maar ryk simbolies in die getal twaalf ' as sondeoffer vir die *hele Israel* twaalf bokramme, een vir elke stam van Israel.' Ag, persentasiegewys was daar maar 'n breukdeel van die hele Israel daar in en om Jerusalem maar hulle het geweet dat hulle die wettige voortsetting van die ou Verbondsvolk was, die oorblyfsel het die geheel omsluit. Daarom dan ook die onbuigbare houding teenoor Samaritane en ander. Die erediens aan die God van Israel, die Verbondsgod wat die oorblyfsel terugbring het en Sy huis weer uit die as laat verrys het, moes suiwer gehou word. Dit is nie sektaries nie want elkeen wat hierdie God wou dien en volgens Sy wet wou leef kon aansluit soos by die

Paasfeesviering te sien was, maar God het Sy verbond met Sy volk gesluit en so was daar alle eeue deur geen saligheid buitekant die kerkvolk van Christus nie. Elia het ook op twaalf klippe geoffer. Christus het vir Hom twaalf apostels uitverkies terwyl Hy bitter goed geweet het dat daar geen sprake van was dat die hele volk Hom sou volg nie. Die 'oorblyfsel' kon en mag vandag nog sê dat hulle die 'hele Israel' vorm.

Na die vreugdevolle tempelinwyding is 'n paar weke later as eerste fees die Paasfees gevier. Die onreinheid van die ballingskap kon eers na die voltooiing van die tempel opgehef word. Die viering trek lyne deur na die uittog uit die slawehuis van Egipte. Toe is die eerste Paasfees gevier as herdenking van die verlossing uit Egipte. Nou word die eerste Paasfees na die verlossing uit die ballingskap gevier.

Opvallend is dat die paaslam geëet is 'deur die Israeliete wat uit die ballingskap teruggekom het en *deur elkeen wat hom van die onreinheid van die heidene in die land afgeskei het om die HERE die God van Israel te dien*'. Dit is nie teenstrydig met die weiering van die hulp van die Samaritane nie want daar was dit 'n kwessie van erkenning en aanvaarding van en vermenging met die hele groep Samaritane sonder meer. Hier is dit nou 'n geval van gesinne wat hulle losmaak van die menggodsdienste met heidendom en hulle met 'n 'openbare geloofs-belydenis' van godsdienstige reinigingsrituele by die oorblyfsel aansluit en volgens die wet van die HERE wil leef.

Die genade en guns van die HERE is met die Paasfees gevier maar ook met die fees van die ongesuurde brode wat daarna vir sewe dae lank gevier is. Watter heerlike bewyse van God se guns en duidelike bewyse is te sien in hoe Hy die gesindheid van die koning verander het en die bouwerk so ryklik geseën het.

### DIE WERK VAN DIE PRIESTER ESRA 7 : 1 - 10 : 44

In hierdie tweede gedeelte van die boek Esra kom nou vir die eerste keer Esra op die toneel. In die volgende hoofstukke word ons meegedeel wat hy onder die seënende Hand van die HERE gedoen het en in die boek Nehemia word dit verder meegedeel en dan saam met dit wat Nehemia gedoen het.

Uit dit wat ons in die volgende hoofstukke lees is dit duidelik dat die geestelike klimaat in Juda skrikwekkend afgekoel het. Esra word deur die HERE as hervormer, reformator, gestuur. In Jerusalem het daar blykbaar baie verwarring geheers, sowel op die godsdienstige as op die politieke gebied. Soos altyd leef die gelowiges *in* die wêreld en word hulle ook geraak deur dit wat in die wêreld gebeur. Op die breëre politieke gebied was daar na die ramspoedige oorloë van die Perse teen die Grieke, die moord op koning Ahasveros wie ons in die boek Ester ontmoet, en daarna weer die gewone verwarring totdat Ahasveros se seun Artasasta die leisels oorgeneem het. Die slegte eienskappe van sy pa was in hom sterker sodat hy 'n swakkeling as koning was wat

maklik beïnvloedbaar was en meer uitgemunt het as vrouejagter pleks van as regeerder. Veral te danke aan sy swaer Megabisos kon na 'n jarelange stryd die opstand van Egipte neergeslaan word. Die oorloë met Egipte het veroorsaak dat Jerusalem nou weer 'n grensstad geword het en Juda 'n bufferstrook teen Egipte. Daarom was dit logies dat die Perse graag standvastige vrede en rus in en om Jerusalem wou sien. Dit is dus nie vergesog om te dink dat die HERE Here hierdie politieke redes gebruik het om die koning se hart te beweeg om Esra met 'n talryke groep 'n volgende redelik Groot Trek te laat onderneem. Dit was nou 'n goeie sestig jaar na die ingebruikneming van die tempel. Esra was 'n regstreekse afstammeling van die hoëpriester Aäron en dit is gestaaf deur die stamboom. Hier lê die klem meer op die ampsopvolging in die lyn van die hoëpriesters en minder op afstamming terwyl in 1 Kronieke 6 : 3-15 'n vollediger stamboom gegee word. Esra was 'n skrifgeleerde wat in daardie tyd glad nie die negatiewe konnotasie gehad het soos ons dit in die Nuwe Testament aantref nie. Die Skrifgeleerde Esra was 'n uitstekende kenner van die Wet met as roeping om die volk die Wet van die HERE te leer en self daarvolgens te leef. Maar behalwe om priester te wees was hy moontlik ook 'n Persiese staatsamptenaar - ook wat dit betref dra 'staatsamptenaar' nie die negatiewe konnotasies soos wat dit vandag dikwels het nie. Onder die verdraagsaamheids-sisteem van die Perse het die Jode ook, soos enige ander volk of bevolkingsgroep, die reg besit om hulle eie godsdienstige belange te reël. Vroeër het die

verskillende lande se regeerders dit gereël maar nou was dit alles gesentraliseer (klink nou nie juis onbekend in ons eie land onder die nuwe regime nie). Onder die Departement van Godsdienssake was daar dus ook 'n Joodse afdeling en Esra was daarin moontlik 'n amptenaar. Of hy wel 'n amptenaar was of nie is onbelangrik, die belangrike is dat hy 'n diep gelowige man was met deeglike wetskennis as priester-Skrifgeleerde.

Deur die so genadige leiding van God is hy deur die koning toestemming gegee om na Jerusalem te gaan. Ons kry uit daardie tyd van die heilsgeskiedenis dikwels die uitdrukking dat ' die hand van die HERE sy God oor hom was'. Dit was blykbaar 'n geliefde segswyse om die genade en leiding van die HERE in die lewe van 'n mens raak te sien. Ook in die Bybelse taalgebruik is daar die werk van die HERE wat al hoe meer rykdom en wysheid in die openbaring vir die mens gee. In vervloë dae is gepraat van die 'taal van Kanaän' , die Bybelse taal. Dit het ook 'n aspek van heilige beskroomdheid, wyding en eerbied bevat. 'n Gevaar in ons tyd is dat daardie aspekte minagtend bejeën word, en dat 'n mate van platvloersheid en familiariteit of sommer oneerbiedigheid as norm bemark word.

Die 'Hand van die HERE' het op Esra gerus en daarom was die wispelturige oosterse despoot welwillend teenoor hom. Geen gekruip of omkoperij soos gewoonlik in derglike kringe nie maar doen van jou Godgegewe roeping onder die seënende Handewerk van die Koning en dan sal Hy Sy seën op Sy manier en tyd daarop gee. Die HERE sorg dan ook

daarvoor dat Esra met verbasend wye volmag na Jerusalem mag gaan en dan ook nie eers met leë hande nie. Natuurlik het Esra vir die volmagte gevra en seker vir die koning gesê dat dit in staatsbelang was dat volgens die 'Wet van Moses' in Juda geleef moes word. Daar word deur Bybelverklaarders ook baie argumente aangevoer dat dit in die lig van die oorlogsituasies en die waarskynlikheid dat die staatskas leeg was moontlik was dat die Jode as ryk handelaars en bankiers gehelp het om die oorloë te finansier en dat veral die Jode in Egipte en spesifiek in Elefantine baie invloed in die koninklike kringe besit het ensovoorts en daarom die toestemming aan Esra. Baie daarvan mag waar wees maar dan is dit alles deur die HERE Here so bewerk en so gelei dat Esra kon gaan-begin en end is dat dit die werk van die hemelse Koning was. Ons moet ook nie te veel krediet vir die geestelike stand van sake onder die Jode in Babel en in die verstrooiing gee nie. Daar was diepgelowige mense onder hulle, soos Esra self wat tot nou toe nog in ballingskap gewoon het terwyl in die tempel al weer dekades lank die suiwere erediens bedien is. Baie van die Jode-in-die-verstrooiing het 'n sagte plekkie vir Jerusalem en die tempel gehad en het dit ook geldelik gesteun - soos dit die laaste halwe eeu presies dieselfde is wat die staat Israel betref, sonder geweldige geldelike ondersteuning van die wêreldwye Jodedom sou die staat Israel nie meer bestaan nie. Maar soos in Esra se tyd en vandag is dit die maklikste om geld en goed te stuur. Terwyl Babel reggemaak het om hulle nuwejaarsfees te hou, het Esra en sy trekgeselskap in die pad geval wat Abraham



al gegaan het. 'n Pad so ver soos die pad tussen Pretoria en Kaapstad, 'n 1400 tot 1500 kilometer. Ons weet uiteraard nie hoe die reisroete presies geloop het en waar die bymekaar- en vertrekpunt presies was maar die trekgroep met vrouens en kinders het moontlik soveel soos 10 000 beloop en as mens dan besef dat hulle 'n 16 km per dag gereis het, dan was dit 'n uiters geseënde reis want 'die goeie Hand van sy God was oor hom'. En hoekom was die Hand van God so oor hom? Vers 10 spel dit duidelik vir ons uit - hy ken die wet nie alleen nie, hy onderrig Israel nie alleen daarin in Babel en wil dit so ook in Juda doen nie, maar by hom is leer en lewe 'n eenheid, wat hy preek doen hy ook self. Hy wil die geopenbaarde wil van God soos dit in die Wet gegee is weer as praktiese lewensreël ingestel kry.

Koning Artasasta gee Esra 'n amptelike brief wat hom die opdrag gee om aan die hand van die wet van God vas te stel hoe sake in Juda en Jerusalem staan. Die koning gee toestemming dat enige Jood in die Persiese ryk deel van die trek mag wees. Jode was wel oor die hele ryk versprei en in Egipte was ook 'n baie sterk gemeenskap maar die meeste was tog nog altyd in die Tweestromeland. Die staat gee self 'n aansienlike subsidie vir die tempeldiens en magtiging vir Esra om onder die Jode gawes vir die erediens te kry. Wat die staatssteun betref was dit om te verseker dat God netsoos al die ander gode met gebede vir die koning en sy seuns tevrede gestel sou word en was dit dus 'n redelike premie vir daardie versekeringspolis. Aan die ander kant was 'n tempel ook die spil waaromheen die ekonomiese lewe gereël was en

was dit op 'n manier 'n streekstak van die sentrale bank in die hoofstad.

Esra se reaksie was tipies van hom en sy medebroeder Nehemia en sekerlik baie ander: alle eer en lof aan die HERE die God van ons vaders, wat die koning so laat besluit het. Die mens wik maar God beskik. Maar dit bly nie by woorde nie, hy weier die koning se aanbod om 'n militêre geleide te verskaf want hy vertrou op die hand van die HERE 8:22.

Ons word ook vir hierdie Groot Trek 'n lys van die families gegee wat getrek het. Die getal mans was 1754 en as vrouens, kinders en slawe daarby getel word dan is 'n totaal van 10 000 seker goed moontlik. As dan in berekening gebring word dat hulle 108 dae op reis was, elke dag moes eet en drink, behalwe op die 16 sabbatdae 'n 16 km per dag getrek het deur weer en wind, oor berge en deur dale, in 'n gebied waar dit van Mei tot Augustus niks snaaks is om 'n temperatuur van hoog in die dertig tot maklik in die veertig grade te kry ... 'n beproewing vir babatjies en ou mense maar ook tog vir enigeen .... Dan is so'n trek vir enige leier 'n logistieke nagmerrie. Maar Esra gaan nie in eie krag nie. Hy roep 'n vasdag en bidstond uit sodat die hele geselskap hulle voor God verootmoedig en Sy hulp vir die onderneming afsmeek. 8:21,23

Tog was daar al groot teleurstellings nog voordat die trek aangepak is. Terwyl Esra deeglik nagegaan het dat die versamelde Jode netsoos die eerste Groot Trek se mense werklik lede van die Verbondsvolk was, moes hy tot sy teleurstelling ondervind dat daar onder die Leviëte geen

begeerte was om terug te gaan nie. Met die eerste Trek was dit al die geval maar tog het darem 74 opgetrek. Dit was toe al skrynend opvallend. Onder die konings Hiskia en Josia het ons gesien dat dit juis die Leviete was wat baie trouer was in die diens van die HERE as die priesters 2Kron29:34 en 35:8e.v. Nou by die tweede Groot Trek is daar nie eers een Leviet by die trekkers nie. Die presiese redes vir die Leviete se teësin weet ons nie maar een aspek was wel dat hulle posisie van 'broeders' van die priesters blykbaar gedaal het na die van 'helpers' van die 'eerbiedwaardige' priesters. Nou ook nie juis iets nuuts in die Kerk van die Ou Verbond nie, dieselfde houding was te sien by Korag, Datan en Abiram tydens die woestynreis met al die vreeslike gevolge wat dit opgelewer het. In die Kerk van Christus is die lidmate nog altyd sondige mense en daarom is daar altyd die gevaar van die een amp wat die ander wil oorheers. In beginsel is in die gereformeerde kerkfamilies alle ampte gelyk -die ampte van lerende en regerende ouderling, diaken en die amp van die gelowige -maar in die praktyk kom dit nie altyd so ver nie. Daar word onderskei tussen minder en meer in aansien en eer van 'n bepaalde amp wat dan nogal as 'posisie' gesien word. Met allerlei kerklike vergaderings en kommissies met 'n stortvloed van gepraat het baie doof geword vir die woorde van hulle Koning wat gesê het dat Hy nie gekom het om gedien te word nie, maar om te dien en Sy lewe te gee as 'n losprys vir baie Matt 20:28. Hoe goed sou dit wees as bokant elke kerkdeur sou staan 'Dien mekaar in liefde' Gal 5:13 Ons kan God nie genoeg bid dat hy ons deur Christus se

Heilige Gees alhoemeer laat verstaan dat alle werk in die Koninkryk van God altyd dienswerk is.

Esra stuur nou 'n afvaardiging na 'n sekere Iddo met die versoek om dienaars vir die huis van God te stuur. Die HERE het hierdie sending geseën en gesorg dat verstandige manne aan die oproep gehoor gegee het. 'Verstandig' want iemand wat terwille van die diens van die HERE groot persoonlike offers wil bring en na Jerusalem wil gaan om die suiwere erediens moontlik te maak is verstandig al sal die ongelowige hom dwaas noem. Esra sien weer dankbaar die werk van die HERE daarin. Daar kom 38 Leviete wat nie juis baie is nie maar in verhouding met die 74 van die eerste groot Trek glad nie so min nie. Al het Esra gestuur om Leviete te kry is daar ook 220 tempelslawe wat bereid is om saam te gaan. Hulle word met dank saamgeneem.

Die bidstond versterk die Godsvertroue. Esra het met reg teenoor die koning oor die almag en grootheid van God gepraat en daarom het hy gevoel dat dit nie pas om die koning nou te vra vir 'n militêre beskermingsgroep nie. Sy woorde moet mos met sy daade ooreenstem. Daarom plaas hy, met reg as gelowige, al sy vertoue op die God wie se hulp en bystand en seën hy afbid en al so duidelik in die verlede beleef het. By Nehemia is dit later totaal anders. Esra se Trek is 'n suiwer godsdienstige onderneming terwyl Nehemia as staatsamptenaar gaan en in elk geval as vanselfsprekend 'n militêre geleide amptelik gegee word.

Aan twaalf – weer die getal wat die hele Israel verteenwoordig- priesters met hulle helpers is die silwer en goud en tempelgereedskap oorhandig. Esra vertrou volledig op God maar is geen swewende onpraktiese idealis wat

mense en so ook geestelikes onvoorwaardelik vertrou nie. Alle goud en silwer en tempelskatte word noukeurig geweeg en gekatalogiseer. Hy beheer ook nie self daardie geweldige skat nie sodat niemand hom ooit daarvan kan beskuldig dat hy homself verryk het nie. Eeue later sou die groot protestant Cromwell dieselfde bely met sy opmerking dat ons op God moet vertrou en ons kruit droog moet hou. Geloof beteken geen onverantwoordelikheid nie. Wanneer die nugtere geloof van 'n Esra in die kerklike lewe getrouer gevolg sou wees sou daar heelwat ongelukke en ongelukkigheid voorkom wees – hoeveel selfmoorde en al die hartseer daardeur het nie al weens nalatigheid in die kerklike lewe plaasgevind nie!

Onder die bewarende beskermende Hand van die HERE Here het die geselskap veilig in Jerusalem aangekom en na drie dae se rus met die nodige reinigingsrituele, is al die tempelskatte afgeweeg, korrek bevind en in die tempel bewaar. Dit is dan ook nie 'n wonder dat met verloop van tyd die Jerusalemse priesterskap 'n geweldige ekonomiese en later ook politieke mag geword het nie.

Op die vierde dag is offers aan die HERE in die tempel gebring. Weer is opvallend die getal van twaalf vir die bulle en vir die twaalf bokke as sondeoffers – hulle wat die 'seuns van die ballingskap' was het die hele Israel verteenwoordig en was met die bring van die sondeoffers nou nie meer onrein nie maar geheilig om die lewensvorm van die volk van die HERE weer te volg.

Nadat Esra en sy geselskap 'God gegee het wat van God is' sorg hulle om 'die keiser te gee wat van die keiser is' (Noordtzy) deur die koning se skriftelike opdragte aan die amptenary en goewerneys te oorhandig. Hulle het in ooreenstemming daarmee die volk en die tempel ondersteun. Sowel die Jode en hulle leiers wat nou in Jerusalem gekom het as die skatte wat hulle gebring het en die staatsondersteuning wat nou verseker was, het die posisie van die Judeërs baie versterk. Die oorblyfsel wat teruggekeer het was weer 'n

bewys van die vervulling van die ou beloftes van die HERE, die HERE wat tog Sion nog uitverkies- Sagaria 1:17 ; 2:12 ; 3:2 !!

ESRA SE ROU EN GEBED OOR DIE VERMENGING MET DIE HEIDENE 9 : 1 – 15

Die boek Esra is aan die een kant een van die Bybelboeke wat waarskynlik die minste bepreek word en aan die ander kant een van die boeke wat dwarsdeur die boek met entoesiasme afgekraak word deur Bybelkritiese geleerdes wat van die datering tot allerlei foutiewe invoegsels en versinde besonderhede in amptelike Persiese dokumente met hulle kritiek belas. Maar die ergste kritiek is wel teen die optrede van priester Esra wat ‘n koue onbarmhartige mens met ‘n hart van klip was -dieselfde soort klip waarop die Wet deur die HERE geskryf sou wees!! ‘n Oerverkrampte rasbehepte ou Jood wat met sy onverdraagsame fundamentalisme honderde arme vrouens en hulle onskuldige kroos in die ellende stort. En so is veral hoofstukke 9 en 10 glad nie van pas in die geskarrel van die soektog vir die huidige ‘polities-korrekte’ klimaat. Dit is verstommend hoe baie verklaarders hulle in interessante kronkels inwurm om tog maar kritiek te kan spui soos om hele redenasies te bou op die feit dat iets nou juis nie geskryf is nie – as iets gevaarlik is dan is dit om ‘n teorie as feit te stel op grond van iets wat juis nie geskryf is nie. Laat ons ons maar hou by wat wel geskryf is.

Esra-hulle het so’n vier maande in en rondom Jerusalem gewerk en die skriftelike opdragte van die koning aan die verskillende goewerneurs en amptenary gegee en allerlei onderhandelings gevoer, ook seker genoeg teëstand moes oorwin want die amptenare is nie altyd baie positief ingesteld as ‘n vreemdeling met bevele van die paleis kom nie en veral nie as dit dan ook nogal ‘n Jood is nie. Omdat dit wel waarskynlik is dat Esra weens onderhandelings heelwat uit Jerusalem afwesig was is dit moontlik om die

tyd van ruim vier maande tussen die aankoms en die gebeure in 9:1 te kan verstaan. Toe het naamlik van die leiers van die gemeente vir hom kom sê dat in regstreekse stryd met God se bevele (in Eksodus 34 : 11-17 en Deut 7: 3 en 4 in die hele verband) verskillende ballinge getrou het met die nie-joodse bevolking van die land – die leiers en ampsdraers was nogal die voorbokke daarin....

Vir ons as mense wat in die 21ste eeu leef, na eeue van sogenaamde ‘verligting’ en in ‘n tyd wat tekere gaan oor ‘menseregte’ –al is dit gewoonlik meer geraas as wol – voel dit op die eerste oogopslag dat hierdie hoofstukke ‘n baie taai tameletjie vir ‘n gelowige is. Voeg nog daarby die goedkoop kritiek dat die gemeenteleiers en veral Esra se optrede nou eerder die toneelspel van ‘n charismatiese opsweper is as kinderlik gelowige handeling. Esra sou ‘n uitgeslape kenner van massasielkunde wees. ‘n Verskil tussen hom en baie van vandag se godsdienstnarre is dat hy tenminste geen deel van die tempelskatte vir hom opge-eis het nie.

‘n Vraag is of die Wet hierdie gemengde huwelikke sonder meer verbied het? Nee, nie sonder meer nie. Huwelikke met Edomiete en Egiptenare was selfs nie eers verbied nie Deut 23:7 en selfs nie die met vrouens van vyandige volke wat verslaan was nie. Die wet het veral gegaan oor volke wat in Kanaän gewoon het en wat dus Israel se bure sou wees en juis weens daardie nabyheid was die gevaar vir godsdienstige besmetting baie groot.

Die leiers en Esra het die Wet nou dus nie letterlik kon neem nie maar moes dit toepas en kyk na die betekenis, die sin. Dit het hulle gedoen en ook reg gedoen.

Kritiek op die optrede van Esra, die leiers en later die volk of gemeente het deur die eeue nie agtergebly nie en is veral in ons tyd vlymskerp. Hoekom was die priester so geweldig ontsteld dat hy gerou het soos by die dood van ‘n geliefde?

Uiteraard omdat hierdie soort gemengde huwelikke deur God se Wet verbied was. Bewerings dat dit gegaan het oor rassuiwerheid is absoluut ongegrond want alles gaan net en alleen oor die geloof, nie die rás nie maar die geméente moet suiwer gehou word. Dit gaan oor die hou van God se gebooië, oor die bewaring van Israel as God se volk. Tot vandag toe is dit logies dat die vrou en dus die ma 'n baie groot invloed op die opvoeding van haar kinders het. Hierdie vreemde vrouens het allerlei heidense afgode aangehang en daarmee die sedelose vrugbaarheidskultus in die gemeente ingedra en vir hulle kinders geleer. Boonop het selfs priesters en juis die leiers met die vreemde vrouens getrou en was dit 'n gevaarlike bedreiging vir die suiwere geloofsbeoefening. Soos vandag was sinkretisme, die vermenging van godsdienste, aanloklik en 'polities-korrek'.

Die gemeente moes onthou wat dit beteken om met die HERE in 'n verbondsverhouding te staan. Die lewenstaak van die gemeente was om die pad voor te berei vir die koms van Christus in die vlees. Alleen in afsondering kon die roeping uitgeleef word, die suiwere diens aan die HERE volgehou word. Voorbereiding vir die koms van Jesus Christus Wie Verlosser sou wees vir Jood en heiden. Alleen in hierdie afsondering kon Israel 'n seën vir die hele wêreld wees. Eers na die val van Jerusalem het die Jode dit alles op sy kop gesit en van die afsondering wat net 'n middel was om die doel van die koms van Jesus Christus te bereik, dit hulle doel gemaak om apartheid te bevorder en wêreldwyd laer te trek. By Esra is daar geen sprake van dat hy homself of sy volk as beter ag as ander mense nie, sy roerende skuldbelydenis in sy gebed wys dit duidelik. As ons nie 'n oop oog vir die tydsomstandighede het nie dan verdraai ons die feitlike situasie. Op daardie stadium was dit nodig om die kerk te reformeer, die sendingsgedagte was op daardie oomblik nie werklik aan die orde nie. 'n Mooi gedagte van Noordtzy is 'wanneer iemand begin om 'n huis vir homself te bou kan hy nie rondloop en allerlei mense uitnooi om by hom in te trek nie. Eers moet



‘Jerusalem’ herbou word voordat die bodes met die heilsboodskap kan uitgaan. Dit word tyd dat mense nou eindelijk ‘n keer daarmee end kry om die lewenswerk van Esra en Nehemia te gaan sien in die lig van hoe die Jode die pad later byster geraak het en ‘n gedagtewêreld vir hulle op te dwing wat hulle nie geken het nie’ (vry vertaal).

Esra is verpletter deur die nuus oor die vreemde vrouens en gaan onmiddellik oor tot openbare roubedryf deur sy baardhare uit te trek, sy klere stukkend te skeur sodat sy liggaam gesien kan word. Tipies die optrede van die emosionele Oosterling. Ons sien en hoor daardie emosie vandag dikwels met ons eie oë en ore oor die TV in nuusberigte oor die afgryselike bloedvergietings in die Midde Ooste.

Esra hou nou nie ‘n vlamme oordeelspreek nie maar het doodstil in verbysterde verslaetheid gaan sit. Blykbaar het die leiers Esra in die tempelvoorhof gaan sien en so het baie mense gesien dat Esra in rou gegaan het. Die gelowiges het saamgekom ‘almal wat gebeef het vir die woorde van die God van Israel, oor die ontrou van die ballinge’. Daar is niks mee verkeerd om bang te wees vir die oordele van God nie, dit is ook ‘n onderdeel van die geloof.

Teen die tyd wat die aandoffer gebring moet word - so tussen drie uur en halfvyf – het Esra opgestaan, op sy knieë geval en gebid. Hy is priester en so bid hy terwyl hy die skuld van sy volk bely. Hy begin sy gebed met die stamelende belydenis dat hyself te skaam voel om selfs sy gesig op te hef na die hemel. Onmiddellik daarna praat hy niks meer oor homself dus in die eerste persoon nie maar nou is alles in die meervoud ‘ons’, hy sluit homself geheel en al in by die volk : ‘ONS’ ongeregtighede, ons skuld.... Hy het part nog deel aan die sonde van die gemengde huwelikke maar hy is die voorbidder, as geestelike leier bely hy namens en in die plek van die volk hulle skuld. Hy is een met sy volk, in solidariteit roep hy God aan. Iets wat ons as westerse individualiste maar bitter moeilik kan verstaan maar wat ook

uit die verbondsgedagte voortspruit. Hy bely dat die geskiedenis van die Verbondsvolk een was van sondige skuld en ontrou en dat dit die rede was vir God se oordele. Hy verwyt die vaders nie want hy voel solidêr met die sondes van hede en verlede. Hy verwyt ook nie die vyande van Israel deur die eeue nie want hy sien hulle optrede net as die tugtigende Hand van die HERE. Al wat hy wil doen is om die volk tot bekering en berou te beweeg. Hy bely dankbaar dat die HERE in Sy groot genade 'n begin gegee het vir die terugkeer en herbou. Al is dit nog maar 'n begin en is hulle nog onder die vreemde heerskappy, tog is dit ongedagte genade van God maar hoeveel groter is die sondige ondankbaarheid dan nou weer. Sal God die volk nou nie maar weer hard straf of vernietig? Hoe vinnig is die harde en hartseer les van die ballingskap alweer vergeet. Die genade word nou misbruik vir nuwe en hemelskreiende sonde.

Dit klink uit die ontroerde priester-voorbidder se gebed asof hy nou werklik geen genade meer van God durf te verwag nie. Hy bid nie vir genade of vergewing nie. Dit is asof hy hoegenaamd geen hoop meer het nie en slegs die finale oordeelsvoltrekking verwag. Hy kan eenvoudig nie insien dat God *nou* nog enige genade sal betoon.

Venynige kritiek word vandag op die priester se gebed gespui. Asof dit eerder vir die volk bedoel was as 'n bedekte aanval, pleks van 'n gebed tot God. Uiteraard was dit 'n publieke, 'n openbare gebed. Tot vandag toe is 'n openbare gebed totaal iets anders as jou gebed aan tafel of in jou slaapkamer. Wanneer in die openbaar gebid word soos byvoorbeeld by 'n skool- of 'n sportgeleentheid dan hou die bidder tog rekening met die omstandighede en die hoorders en mede-bidders. Daarom het Esra sterk nadruk gelê op die skuld en die genade wat God in die verlede betoon het en wat die skuld soveel meer laat word. Die volk moes éers diep onder die indruk kom van die troueloosheid en brutale skuld en dán tot insig en bekering kom. Dit was nou nog glad nie die tyd om oor vergewing en genade te praat nie. Eers

sondebeseef en skuldbelydenis en daarna kan begin word om berouvol vir vergewing en genade te smeek. Dit sluit nie uit dat Esra met gesond-logiese sielkunde die gebed onder woorde bring nie. Ek kan nog nooit verstaan dat party mense dink dat taktvolheid, ordentlikheid, heelgewone beskaafdheid en nugtere verantwoordelike optrede nie nodig is as mens net ‘geloof’ het nie.

Esra se gebed is wat inhoud betref ‘n ootmoedige skuldbelydenis en wat uiterlike vorm betref ‘n ootmoedige knielende gebedshouding. Daarby bid hy terwyl hy kliphard huil en daardeur nog meer mense se aandag trek, sodat daar ‘n groot klomp mense saamgestroom het en aangesteek is deur die gehuil waarby hulle ingeval het. Dit was mans en vrouens en kinders. Opvallend dat dit spesifiek genoem word dat vrouens en kinders daarby was. Ek dink nie dat dit te vergesog is om te beweer dat daar heelwaarskynlik ook wel van die vreemde vrouens en hulle kinders by was nie. Hulle het saamgehuil en saam gehoor wat as oplossing vir die probleem voorgestel is.

‘n Man met die naam van Sekanja is toe so aangegryp dat hy as gelowige tot skuldbeseef kom en as woordvoerder van die huilende gemeente met die voorstel kom om die vreemde vrouens en hulle kinders weg te stuur. Ons weet nie wie Sekanja was nie moontlik het sy eie pa Jegiël ook ‘n vreemde vrou gehad indien dit dan dieselfde man sou wees wat in vers 26 genoem word. En daardie moontlikheid laat mense wat altyd die slegste van Bybelfigure wil verwag nou weer heerlik verdagmakings ontwerp. Hierdie Sekanja was ‘n slim uitgeslape ou joodjie wat niks van sy stiefma gehou het nie en nog minder van sy stiefbroers en –susters wat nou jou waarlik ook ‘n deel van sy erfdeel sou kry as sy pa doodgaan. Watter wonderlike oplossings as hulle almal met ‘n gesonde skop onder hulle halfheidense sitvlakke weggejaag word!!! Ai, net jammer dat daar niks van in die teks staan nie. In elk geval al sou sy pa een van die oortreders gewees het, dan het Sekanja in sy eie huis gesien wat die gevaar van godsdiensvermenging is en dit was niks meer as reg dat die seun dan teen die *sonde* van die pa opgetree het nie. Al

het die Wet gemengde huwelikke verbied, sê die Wet nie hoe opgetree moet word by wetsoortreding nie. Sekanja dink dat dit met die bedoeling van die Wet sal ooreenkom as die vreemde vrouens weggestuur word. Esra stem blykbaar saam maar daar is dan genoeg praktiese probleme. Daarom stel Sekanja voor dat die deur hom hooggeagte Esra en 'n aantal vroom leiers met advies en 'n voorstel kom. Want alleen skrifgeleerdes en mense wat naby God leef kan die bedoeling, die gees van die Wet reg verstaan.

Natuurlik was dit 'n baie harde maatreël om die vrouens en kinders weg te stuur na die vrouens se families toe. Of dit nou in daardie tyd was waarin totaal anders na 'menseregte' gekyk is as in ons tyd, dit is en bly 'n harde saak. Die siening op 'n barmhartige en gelowig-liefdevolle houding teenoor die huwelik en mense in die algemeen in die Nuwe Testament is ook anders as in die Ou Testament en word kinders wat uit gemengde huwelikke gebore is wel as lidmate van die gemeente beskou 1Kor7:14 maar die omstandighede in die tyd van Esra was onderwerp aan die Wet soos dit in daardie tyd nog gegeld het. Grosheide wys dan ook nog daarop dat ons nooit moet vergeet dat daar vir geen mens, dus ook vir geen Israëliet, enige 'reg' op genade was vóór die koms van Jesus Christus nie – dit is die groot uitsondering wat daar alleen is om die koms van Christus voor te berei. Juis daarom kan dit ons nie verbaas dat hier die kinders uit die gemengde huwelikke van die gemeente uitgesluit is nie.

Om soos sommige verklaarders te sê dat dit alles nie so erg was nie omdat die huwelikke uit berekening gesluit was sodat die mans veiliger kon leef omdat hulle nou verswaer was met die Samaritane en omdat so'n huwelik vir die 'besigheid -is –besigheid – joodjies' 'n goeie transaksie was omdat hulle nou erfreg op die vreemde vrouens se grond sou kon kry, dit klink my nog hardvogtiger as die wegstuur weens werklike godsdienstige redes. Dit bly 'n kwade en gevaarlike saak om allerlei sielkundige en moderne redes op te tower waarvoor in die Heilige Skrif geen grond hoegenaamd bestaan nie – in

ons tyd van familiariteit ook op die godsdienstige terrein is dit nodig om die heiligheid van die Skrif te handhaaf. Wat wel waar is, is dat in die oudheid die huwelik geen privaat kwessie was nie maar ‘n gemeenskapssaak – soos vandag nog in baie ‘agtergeblewe’ gebiede in ons eie vasteland en in byvoorbeeld Indië – waar die familie ‘n huwelik reël en die huweliksfees ‘n gemeenskapsfees is. Dit maak dit vir ons ‘n bietjie makliker om ons in die gedagtegang van die gemeente in Jerusalem in te leef.

Esra was selfs as emosionele Oosterling ook gelowig-nugter soos ons al gesien het by die manier waarop hy die gemeente se stoflike goedere laat beheer het, nou ook weer. Hy smee die yster wanneer dit warm is en aanvaar onmiddellik die voorstel dat die leiers openlik ‘n eed aflê dat die vreemde vrouens uit hulle midde weggestuur sal word. Esra weet dat menslike gevoelens baie vinnig kan verander en besluite verwater word. Daarom maak hy gebruik van die regte oomblik deur die bereidwilligheid openlik te laat bekragtig met ‘n eed.

Die wyse priester gaan nou egter nie in ‘n oorwinningsstemming huis toe nie, hy bly die kinderlik gelowige priester en weet dat die afgelegde beloftes nie die swaar gewig van die sondes uitkanselleer nie. Hy volhard in sy boetedoening vir die gemeente as geheel deur die rougebruike te handhaaf en nie te eet of te drink nie.

Weer tree Esra en die ampsdraers en leiers nugter-gelowig op deur al die ballinge op te roep om binne drie dae in Jerusalem saam te kom. ‘n Baie kort tydjie om aan die oproep gehoor te gee maar dit sou nou juis mense die moontlikheid ontnem om met allerlei gekonkel die uitvoering van die besluit skipbreuk te laat ly. Die ballinge wat nie aan die oproep gehoor sou gee nie se besittings sou in beslag geneem en vir die tempel gegee word terwyl hulleself uit die gemeente geskors sou word.

Op 19 Desember 458 het die vergadering plaasgevind. Dat dit die koudste en natste maand van die jaar was het die aanwesiges gou-gou bemerk. Mens kan

sê dat hulle met liggaam en siel gebeef het. Die reën en koue het hulle laat beef maar ook die ‘saak’, hulle weet dat dit ‘n baie ernstige saak is in baie opsigte. Hulle het die toorn van God oor die volkssondes – eintlik kerksondes, in die ballingskap ondervind en besef dat hulle nou weer diep skuldig staan as een verbondsgemeenskap. Verder besef daardie mans wat wel met vreemde vrouens getrou het die ernstige gevolge wat die besluit van die vergadering vir hulleself en hulle gesinne en hulle besittings gaan beteken. Watter gedempte stemming was dit .. tog ook weer die werk van die Koning van hemel en aarde wat die weer laat saamwerk om makliker tot skuldbelydenis te kom. Esra spreek hulle toe en roep hulle op om die HERE alle eer te gee en te breek met hulle sonde – soos elke keer kom Esra nie met eie gedagtes of met opdragte waartoe hy die regsbevoegdheid het nie maar laat hy die volk sien en besef wat die wil van die HERE is.. Die volk stem as ‘n geheel saam maar wys op die heel gewone praktiese probleme. Nog maar ‘n paar dae gelede het net een man gepraat en die ander daarby ingeval, nou is dit die hele volk wat hulle mening laat hoor.

Omdat dit weens die stortreëns en koue nie prakties was om die saak deeglik te behandel en dit in elk geval baie langer as ‘n dag of twee sou neem is daar voorgestel dat ‘n kommissie uit die oudstes die skuldiges oproep om saam met regters van die betrokke stad voor hulle te verskyn. Op hierdie manier kon onreg voorkom word en aandag aan spesifieke omstandighede gegee word, soos byvoorbeeld waar die betrokke vrou wel haar afgode afgesweer het en as volledige lidmaat in die gemeente opgeneem was.

Die vergadering besluit so en Esra val by die besluit in – hy is ‘n wyse priester wat nie ten koste van alles sy eie sin wil deurdryf nie. Daar was wel teëstand teen die besluit maar hoekom en by hoeveel weet ons nie. Omdat juis onder die leiers die vermenging met die vreemde vrouens erg was, was menslikerwys gesprek die moontlikheid van sterk en goed georganiseerde teëstand wel ‘n gevaar. Op 27 Maart 457 is die kommissie klaar met sy werk.

Die hele lys van skuldiges word genoem en met die priesters word begin. Sewentien is skuldig en beloof plegtig met die gee van die hand soos by die sluit van 'n verbond, dat hulle hulle vreemde vrouens sal wegstuur. Hulle moet ook elkeen 'n ram as skuldoffer offer. Dit was die versoening vir sondes wat sonder opsetlikheid of wat in swakheid gedoen is. Die sonde word dus ernstig opgeneem maar tog nie beskou as 'n sonde wat bewus en opsetlik gepleeg is nie. Die skuldiges tel saam so'n 110 persone.

En daarmee sluit die boek Esra af. Dwarsdeur die geskiedenis het die Jodedom Esra geweldig hoog gewaardeer. Daarvoor is ook alle rede. Hy was 'n diepgelowige man wat erns van die uitlewing van die geloof gemaak het. Hy het 'n diep skuldbesef gehad gepaard met onbeperkte vertrouwe in God en gelowige dankbaarheid. Hy sien God as die Een wat alles bestier en as die oorsprong van alle goed. Die priester is 'n egte mens as emosionele Oosterling maar geen onpraktiese idealis. Hy is lojaal teenoor die Godgegewe Persiese gesag en streef geen politieke ideale na nie maar slegs godsdienstige terwyl hy nie fanatiek is nie maar met takt, geduld, wysheid en diplomatie of sielkunde mense in die regte rigting stuur. Al het hy van die koning uitgebreide magte en bevoegdhede ontvang gebruik hy dit nie om mense in sy rigting te dwing nie. Die grootste werk van hom was om in diens van God te werk vir die eer van God en die seën van die uitverkore volk wat die Messias na die vlees moet voortbring.

Esra was 'n wegbereider vir die koms van Christus waar hy in solidariteit met die volk hulle sonde op hom geneem het. Later sou Christus in solidariteit met ons één met ons word, Hy het al ons sondes op Hom geneem. Hoe ontsettend het Hy in die tuin van Getsémané vir ons sondes gely. Hoe onbeskryflik erg was die ontsetting in die lyding vir ons sondes toe Hy aan die kruisvloekhout deur God verlaat is!!

Esra het hom voor die hele volk verneder omdat hy een was met die sondes van sy volk. So het Christus Hom verneder tot in die allerdiepste ellende en

angste van die hel. Die openlike skuldbelydenis van Esra voor die oë van groot en klein het egter 'n straal van hoop gegee. Die ballinge het besef dat hierdie man wat so stukkend is die barmhartigheid van God kon aanraak. Hulle het besef dat dit nie in eie krag was nie maar dat die Gees van Christus in hom was. Dié Christus wat Self in die helse angste van die kruis die diepste dieptes van God se barmhartigheid vir ons kon oopmaak. Esra gedryf deur die Gees is een van die gelowiges wat deur die ywer vir die huis van God verteer is Ps 69:10 Die vraag is in hoeverre dit ook vir u en my geld?